Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | November 2023

AfriForum Tydskrif

# Ons sal self




ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

Sol·Tech



ONTSLUIT
# JOU TOEKOMS
IN AMBAGTE EN IT

## BEROEPSKWALIFIKASIES

- MEGATRONIKA
- DIESELWERKTUIGKUNDE
- GEREEDSKAPMAKER
- PAS-EN-DRAAI
- OUTO-ELEKTRIES *(VERVOERELEKTRISIËN)*
- ELEKTRIES
- MEULMAKER
- SWEIS

## ITKWALIFIKASIES

- DATA-EN-WOLK
- KUBERSEKURITEIT
- IT-NETWERKE EN -ONDERSTEUNING

www.sol-tech.co.za

Doen vandag nog aansoek vir onderrig in Afrikaans by **Sol-Tech**


# Binnekant

Forum Tydskrif | November | Uitgawe 30














**16** Privaat vervolging

**18** Bela-wetgewing

**22** Hommeltuigopleiding

**24** Vuurwapenlisensies

**27** Veiligheidswenke

**32** NGV

**34** Entrepreneur van die Jaar

**38** Waterkwessies

**40** Ernst Roets-profiel

**46** Desentralisasie van polisie

**48** Interkulturele verhoudings

**52** Teenboeliegids

**55** Hardloop vir Hoop

**57** *Vetkoekpaleis II*



VERSPREIDING
On the Dot

DRUKWERK
Novus Print

UITGEWER
AfriForum


## DIE SPAN


**Redakteur (waarnemend)**
Ilze Nieuwoudt
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Joernaliste**
Carina Bester
Marthinus Koekemoer
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Advertensies**
Denise Viljoen
denise.viljoenx1@outlook.com
**Grafiese kunstenaars**
Thomas Snyman
Simoné Perry
Talia du Plessis
**Medewerkers**
Kallie Kriel
Alana Bailey
Barry Bateman
Marnus Kamfer
Barend Uys
Sue-Ann de Wet
Carien Bloem
Adv. Gerrie Nel
Linda Cronjé


Hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* is digitaal per WhatsApp aan lede gestuur. Dit kan ook aanlyn gelees word by **www.forumtydskrif@afriforum.co.za**. Stuur 'n e-pos na **navrae@forumtydskrif.co.za** vir enige terugvoer.

## Titus 3:4-5

Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn. Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee.


**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za


AfriForum

# Redakteursbrief

Ilze Nieuwoudt – redakteur (waarnemend) | Foto: Reint Dykema



> **Hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* bevestig in soveel opsigte gevalle waar Afrikaners as gemeenskap opstaan, bou en self doen.**

Dit is laat Oktober en die jakarandas hang swaar oor Linden se strate. Die wêreld hierrond is 'n pers paradys hierdie tyd van die jaar. In die verte steek die Goudstad uit. Dit is nie juis hierdie gebore en getoë Pretorianer se agtertuin nie. Johannesburg was nog altyd vir my 'n geheimenis. Eintlik ietwat volksvreemd. Hier anderkant die Jukskei is die stad mos anders. Kosmopolitaans. Die klanke van ander tale klink op hierdie Saterdagoggend tot in my ore. Ek luister uit vir Afrikaans, maar moet lank wag voordat ek dit raakhoor.

Die klein restaurant in 7de Straat waar ek die oggend saam met my gesin, ouers en sibbe kuier, kyk uit oor 'n skool. 'n Afrikaanse skool. My ewige nuuskierigheid kry weer die oorhand. Laerskool Louw Geldenhuys. Die skool se naam lui 'n klokkie. Dalk was ons skole jare gelede mededingers op die sportveld? Maar wie "Oom Louw" was, weet ek nie. Ek snuffel rond op die internet.

Net 'n paar ure vroeër het ek Linden se strate plat gedraf in 'n padwedloop. Op en af deur haar strate gevleg. Verby Emmerentiadam. (Nog 'n plek wat ek net in naam geken het.) Heuwels op en heuwels af. Die plek met sy ouwêreldse gevoel, NP van Wyk Louw se Linden-huis, lane en strate wil iets vertel.

My soektog vang my onkant, want "Oom Louw" was iemand wat ek beslis sou wou leer ken. Kort ná die Anglo-Boereoorlog het hierdie eienaar van die plaas Braamfontein se hart uitgegaan na Transvaalse boere wat alles in die uitmergelende oorlog teen Brittanje verloor het. Hy het self ook in die oorlog geveg. Hy het 'n groep boere aangestel om 'n dam op sy plaas te bou. Hy verdeel later 145 morg (nagenoeg 124 ha) van sy plaas in 14 kleiner plase en ken dit toe aan 14 van die dambouers. Hy skenk aan hulle boumateriaal vir hul "klein plasies" en ook perskebome. In ruil hiervoor moet hulle aan hom 'n derde van hul perske-oes skenk. Hulle lei hul bome nat uit die nuwe dam, wat die naam van "Oom Louw" se vrou, Emmerentia, dra. Hulle word uiteindelik suksesvolle perskeboere.

Die perskeboere van ou Johannesburg het my iets geleer wat ek amper nie daar in die hartjie van die stad sou verwag nie: Opstaan. Saamwerk. Selfdoen.

Hierdie mense het alles verloor, dit is waar, maar hulle het ook opgestaan, saamgewerk en sonder die staat se hulp gedoen.

Meer as 120 jaar later is ons storie nie veel anders nie. Afrikaners het in die afgelope paar dekades en in vele opsigte baie verloor. Maar onderkry is nie 'n opsie nie. Ons het géén alternatief nie – ons moet eenvoudig bou, saamwerk en selfdoen. Daar is krag in 'n gemeenskap wat saamstaan en luid bevestig "Ons sál self".

Hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* bevestig in soveel opsigte gevalle waar Afrikaners as gemeenskap opstaan, bou en self doen. Op plaaslike vlak takel AfriForum se takke en buurtwagte die uitdagings wat gemeenskappe net kort van moedeloos maak (lees meer oor AfriForum se taksuksesse op bl. 12–15). Op nasionale vlak pak AfriForum die kwessies wat Afrikaners aan die hart raak en staan op teen onbillikheid (soos in die geval van onbillike rasbeleide by universiteite, lees meer op bl. 44) en ongrondwetlikheid (soos in die geval van die Bela-wetsontwerp, bl. 18–19). AfriForum moedig sy lede aan om self te doen wanneer dit kom by veiligheid (lees meer oor die hommeltuig- en protospanopleiding wat AfriForum aanbied op bl. 22–23). En daar waar die regering misluk om doeltreffende dienste te lewer, moedig AfriForum ook sy selfdoenbenadering aan met projekte soos die blou-en-groendruppelprojek (sien op bl. 38–39).

Amper soos "Oom Louw" se boere wat met sweet (en waarskynlik baie trane) te midde van politieke en finansiële verlies geveg, gebou én uiteindelik self gedoen het, kan ons nou in dieselfde taal uitroep: "Ons sál self!"

Geniet dié uitgawe!

Groete
**Ilze**

MENGSEL
Papier | Ondersteun verantwoordelike bosbou
FSC® C022948
FSC www.fsc.org

Volhoubaarheid van ons natuurlike hulpbronne is vir AfriForum baie belangrik en daarom het ons besluit om voortaan slegs papier te gebruik wat plaaslik en op 'n volhoubare en verantwoordelike wyse verkry en vervaardig is. Net soos ons oorlewing, taal en erfenis vir AfriForum ononderhandelbaar is, wil ons ook die mooi om ons vir ons nageslag bewaar en behoue laat bly. Nóg 'n manier waarop AfriForum langtermynwaarde vir ons lede én die land ontsluit.

DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST

# Die Solidariteit Helpende Hand **Studietrust**

Die hart van die Helpende Hand Studietrust (HHS) word weerspieël in die kragtige simboliek van die visie: *"Sewe Generasies van Hoop gegrond in Studie".*



**"Die karakter van 'n volk lê in hoe die uitdagings van die hede hanteer word."**

– Hannes Noëth

Daarom is die HHS dié meganisme en platform om die jeug te bemagtig en voor te berei om sosio-ekonomiese uitdagings deur studie die hoof te bied, én hulle roeping te vervul!

Die HHS, 'n inisiatief van **Solidariteit Helpende Hand**, is in 2009 gestig as platform vir donateurs om behoeftige Afrikaanse studente te help om deur middel van **rentevrye studielenings** te studeer. Dié model verskaf 'n volhoubare benadering met 'n kontinue sirkel wat voortdurend aan nog 'n student of studente die **geleentheid bied** om met 'n rentevrye studielening te studeer.

## *Maniere om* BETROKKE TE RAAK

- Stig jou eie studiefonds
- Testamentêre bemaking
- Eenmalige of maandelikse skenkings met belastingvoordeel
- Skenk jou tweedehandse klere of huisraad aan 'n Ons Winkel

### *KONTAK ONS*

(012) 111 8360

studietrust@helpendehand.co.za

www.hh-studietrust.co.za

### *ONDERSTEUN ONS:*

Bankbesonderhede
Die Helpende Hand Studietrust
FNB
Rekeningnommer: 623 314 47541
Takkode: 261550
Verwysing: ST/NK/U naam en van

SnapScan

# Ons sal self!

## Georganiseerde gemeenskappe word de facto- **vierde regeringsfeer**

Deur Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum | Foto's: Marthinus Koekemoer, Reint Dykema en Ilze Nieuwoudt

Suid-Afrika het nie net 'n regeringsprobleem nie. Dit het ook 'n diepliggende bedelingsprobleem. Die lofsange wat die land se Grondwet en nuwe bedeling in die verlede toegesing is ten spyt, bly die werklikheid dat die huidige sentralistiese bedeling nie aan die bedoelings van sommige gemeet moet word nie, maar eerder aan die uitkomste daarvan.

'n Boom word immers aan sy vrugte geken. Só pluk ons nou die sentralistiese bedeling se wrang vrugte: wanfunksionele munisipaliteite en staatsdepartemente, mislukkende staatsondernemings soos Eskom, die verkrummeling van infrastruktuur en korrupsie.



'n Moontlike regeringsverandering in volgende jaar se verkiesing sal 'n baie positiewe verwikkeling wees. Juis daarom moedig AfriForum sy lede sterk aan om moeite te doen om in die verkiesing vir die opposisiepartye van hul keuse te gaan stem.

### 'n Bedelingsverandering is nodig

AfriForum besef egter ook dat meer as 'n regeringsverandering nodig is. 'n Bedelingsverandering is noodsaaklik. Solank as wat sentralisme die botoon voer, skep dit die moontlikheid vir die ontplooiing van onbekwame en korrupte kaders vanuit 'n sentrale regerende party na elke uithoek van die land. Sentralisme wat misluk raak elke gemeenskap negatief en laat min ruimte vir uitnemende bestuur op 'n plaaslike vlak.

Daarom glo AfriForum en die Solidariteit Beweging dat die wegdoen van sentralisme 'n oplossing vir die land se krisis is. 'n Federale bedeling, waar gemeenskappe die toekoms in hul eie hande kan neem en self magte van onder af kan opeis, terwyl sekere magte van bo afgewentel word, sal dié oplossing bied.

### Die afwenteling van mag

AfriForum en ons susterorganisasie Kaapse Forum werk vir die afwenteling van mag vanaf die nasionale regering (eerste regeringsfeer) na goed funksionerende provinsiale (tweede regeringsfeer) en plaaslike regerings (derde regeringsfeer). Dit sluit onder meer in veldtogte gemik op die afwenteling van polisiërings- en ander magte van die sentrale regering na die Wes-Kaapse provinsiale regering en munisipaliteite in dié provinsie.

Sou daar weens regeringsveranderings elders in die land provinsiale regerings tot stand kom wat in staat is om die afgewentelde funksies suksesvol uit te voer, kan dié veldtogte ook in die toekoms na ander dele in die land uitgebrei word. Dit help immers nie om magte af te wentel van een mislukkende regeringsfeer na 'n ander wat 'n nóg groter mislukking is nie.

### 'n De facto- vierde regeringsfeer is nodig

Selfs in gevalle waar noemenswaardige magte suksesvol na provinsiale en plaaslike regerings afgewentel word, sal sentralisties bestuurde provinsies en plaaslike regerings ook nie optimaal in voeling met plaaslike gemeenskappe wees en hul belange ten beste kan dien nie. Die redes hiervoor is soos volg:

- **Provinsiale regerings is steeds te ver verwyderd van plaaslike gemeenskappe.** Verskeie van Suid-Afrika se provinsies beslaan 'n groter geografiese gebied as sommige lande in die wêreld en gevolglik is dit onmoontlik vir 'n provinsiale regering om presies in voeling te wees met die behoeftes van elke plaaslike gemeenskap. 'n Baie sterk sentralistiese provinsiale regering sal nadelig vir plaaslike gemeenskappe wees, veral indien die regering van 'n provinsie onder die bestuur van 'n korrupte en onbekwame regerende party val.

> Ons Beweging het met ’n #OnsSalSelf-ingesteldheid reeds gehelp om nuwe werklikhede te skep.

- **Plaaslike regerings is nie meer plaaslik nie.** In 2000 het die nuwe munisipale bedeling plaaslike regerings tot stand gebring wat groot gebiede beslaan en verskeie dorpe in een regering en in een bestuurstruktuur saamvoeg. Dit is gedoen ten spyte daarvan dat dorpe se omstandighede en behoeftes kan verskil. In metrorade word plaaslike gemeenskappe wat geografies ver van mekaar verwyderd is deur mense bestuur wat nie direk in voeling met die spesifieke omstandighede van elke spesifieke gemeenskap is nie.

### Georganiseerde gemeenskappe word de facto ’n vierde regeringsfeer

Daar bestaan gevolglik ’n noodsaak vir ’n vierde regeringsfeer wat plaaslike en kultuurgemeenskappe in staat stel om hul eie kundigheid, dryfkrag en begrip van hul eie gemeenskap se behoeftes tot voordeel van hul gemeenskap aan te wend. Dit gaan in die praktyk nie deur die “amptelike” afwenteling van mag ontstaan nie, maar deur georganiseerde gemeenskappe wat op grondvlak praktiese selfdoenwerklikhede skep om gemeenskapsfederalisme van onder af op te bou. Ons moet dus die reg vir onsself toeëien om ons gemeenskappe – sover prakties moontlik – self te bestuur.

AfriForum en ons susterorganisasies in die Solidariteit Beweging het reeds goed gevorder om op hierdie wyse ’n de facto-bedelingsverandering teweeg te bring sonder om bakhand te wag vir enige aalmoese van die sentralistiese ANC-regering. Ons Beweging het met ’n #OnsSalSelf-ingesteldheid reeds gehelp om nuwe werklikhede te skep. Dit is gedoen met die vestiging van talle volhoubare, sterk en selfstandige plaaslike en kultuurgemeenskapsinstellings soos Akademia, Sol-Tech, die Skole-ondersteuningsentrum (SOS), Solidariteit



In Oktober het die AfriForum-personeel ook #OnsSalSelf-projekte aangepak.

Helpende Hand, Maroela Media, Solidariteit se beroepsnetwerke en die FAK se kultuurnetwerk. Ook AfriForum se 168 plaaslike takke en 169 buurt- en plaaswagte en ander georganiseerde plaaslike gemeenskappe het reeds baie werk gedoen om ’n de facto- vierde regeringsfeer te vestig wat in die praktyk self na gemeenskappe se belange omsien.

### Versnelde vestiging van georganiseerde gemeenskappe as de facto-regeringsfeer

Dié proses kan versnel word deurdat:

- selfstandige gemeenskapsinstellings op grondvlak dringend hul uitvoerende vermoë verder uitbou om hul gemeenskappe op soveel moontlike terreine self te kan bestuur. Bestaande inisiatiewe van AfriForum se plaaslike strukture (insluitend die vestiging en versterking van buurtwagte, vullisverwydering, herstel van paaie, herwinnings- en opruimingsinisiatiewe, watervoorsieningsnoodplanne, die vermoë om rioolwerke te bestuur en kragvoorsieningsplanne) is alles voorbeelde van gemeenskappe wat reeds de facto die rol as vierde regeringsfeer op hulself geneem het.
- georganiseerde gemeenskappe en gemeenskapsinstellings, waar moontlik, poog om samewerkingsooreenkomste met plaaslike regerings aan te gaan. Ooreenkomste van dié aard sal dit makliker maak om sonder teenstand self diensleweringsaksies te kan verrig en in sommige gevalle ’n ondersteunende rol te speel om die plaaslike regerings te help om gemeenskappe te verbeter. AfriForum se plaaslike strukture





is tans besig met die finalisering van verskeie sulke ooreenkomste, onder meer met die Tshwane-metroraad. Sodanige ooreenkomste is nie ’n voorvereiste vir gemeenskappe om hul toekoms in hul eie hande te neem nie, maar kan dit wel vergemaklik.
- AfriForum se plaaslike strukture georganiseerde gemeenskappe se rol as de facto- vierde regeringsfeer verder moet uitbou. Dit kan gedoen word deur in samewerking met ander gemeenskapsinstellings gemeenskapsforums tot stand te bring waarbinne die onderskeie gemeenskapsinstellings kan saamwerk. Dié samewerking kan gemeenskapsorganisasies se rol as de facto- vierde regeringsfeer as deel van die Solidariteit Beweging se ankergemeenskapstrategie versterk.

### Ons sal self!

Die kopskuif om te besef ons is met genade van Bo meer as in staat om ons toekoms in ons eie hande te neem en onsself so staatsbestand moontlik te maak, is ’n bevrydende gedagte wat nuwe hoop vir ons mense kan gee. Kom ons neem elkeen ons roeping op en gebruik die verstand en die hande wat die Here vir ons aan die einde van ons eie arms gegee het om ’n beter hede en toekoms vir ons, ons gemeenskappe en ons nageslag te help bou. #OnsSalSelf

# Taalgemeenskappe moet sélf hulle taal bou en onderhou

Deur Alana Bailey – hoof van Kultuursake by AfriForum | Foto's: Reint Dykema




Alana Bailey

Die invloed van sosiale media veroorsaak dat minderheidstaalgemeenskappe wêreldwyd onder druk van groot tale soos Engels en Frans verkeer. Daar is gelukkig ook 'n teenkant hieraan, naamlik dat sosiale media dit vir gemeenskappe moontlik maak om sélf hul tale te bewaar en te bevorder, ongeag of hulle in gekonsentreerde gebiede woon, of oor die aardbol versprei is.

'n Goeie voorbeeld in dié verband is die Ierse taal. Onder druk van Engelse oorheersing is die taal byna uitgewis. Mettertyd is wetgewing aanvaar om weer die onderrig daarvan op skool in te stel en ander regte aan die taal toe te ken, maar wanneer 'n taal eers grotendeels in onbruik verval het, is die omkeer van die proses nie 'n maklike taak nie. Verder het die Iere weens ekonomiese en politieke stootfaktore in groot getalle geëmigreer. Tog het hulle 'n baie sterk identiteitsgevoel behou en spog hulle graag met die rol wat Iere speel om internasionaal op verskillende terreine 'n bydrae te lewer. Die herlewing van hul taal is dus nie net 'n taak wat hulle aan die inwoners van die Republiek van Ierland en Noord-Ierland oorlaat nie, maar iets wat wyd aangepak word.

Tale kan met toepassings soos Duolingo herleef en groei.



Die verspreiding van Spaans wêreldwyd.

Hiervan getuig Duolingo. Hierdie taaltoepassing bied kursusse in 43 tale aan. Iers is een daarvan (en hopelik word Afrikaans ook in die toekoms). Volgens statistiek was daar in 2020 sowat 5,6 miljoen gebruikers wat besig was om Iers te leer, waarvan net 23% in Ierland woonagtig was. Meer as 'n derde hiervan was mense van Ierse oorsprong in die VSA. Dit bewys dat die liefde vir taal en identiteit nie deur grense ingeperk word nie.

Nog 'n voorbeeld kom uit Spanje. Tydens die diktatuur van genl. Francisco Franco (1939–1975) is beleide geïmplementeer om te probeer verseker dat Kastiliaanse Spaans ander tale van die gebied, naamlik Katalaans, Baskies en Galisies, verdring. Spaans is tot die land se enigste amptelike taal verklaar. Die gebruik van die ander tale is óf verbied, óf ontmoedig, beide met wetgewing en geweld. Vanaf 1938 is mense selfs verbied om hul kinders name in hierdie tale te gee.

Groot bevolkings Spaanse emigrante het wêreldwyd ontstaan. Hulle het hul moedertale (Katalaans, Baskies en Galisies) lewend gehou deur aan te hou om dit te gebruik. Vandag is daar in Spanje, soos in Ierland, ambisieuse pogings om die tale te laat herleef. Die tale het hierdie meedoënlose onderdrukking oorleef, ook danksy hul diaspora.

In albei gevalle was die tale se voortbestaan nie die gevolg van toeval nie, maar te danke aan die taalgemeenskappe se waardering vir hul identiteit en liefde vir hul tale, waaraan daar deurentyd hard gewerk is. As daar 'n wil by taalgemeenskappe bestaan, is niks onmoontlik nie.

> **Moedertaalonderrig maak nie net vir die hart sin nie, maar ook vir die verstand.**

Dit bring my by Afrikaans. Sommige lede van ons gemeenskap gee maar toe aan die druk van Engels en verklaar dat "Afrikaans nie 'n wêreldtaal is nie" (onder die wanindruk dat Engels oral gepraat en verstaan word). Hulle beskou probleme wat nou in Suid-Afrika geld as ewigdurend en moedig kinders aan om te emigreer en Afrikaans in die land agter te laat. Gelukkig is daar ook talle mense binne én buite die landsgrense wat hulle taal lewend hou en dit vir hul kinders leer!

Dit is maklik om Afrikaans te bou en te bewaar. Al koop jy net elke maand 'n boek of tydskrif. Al luister jy net na 'n Afrikaanse radiostasie, of al gebruik jy net gratis Afrikaanse dienste soos AfriForumTV of Maroela Media, dra jy by tot die versterking van ons taal.

Nie alleen werk verskeie organisasies in die Solidariteit Beweging, waarvan AfriForum deel is, en daarbuite saam om openbare en privaat Afrikaanse onderriginstellings te beskerm nie, maar almal skep ook kanale en produkte om die taal bekostigbaar en toeganklik te maak.

In AfriForum bied ons kompetisies, soos Besigheidsbytjies, Juniorpreneurs en Dink of Sink, die geleentheid vir kinders om van jongs af in Afrikaans te ontwikkel. AfriForum Sakenetwerk bemark Afrikaanse dienste en produkte in die land en AfriForum Wêreldwyd se Wêreldgids bemark die aanbod daarbuite. AfriForum Wêreldwyd help ook om die gebruik van Afrikaans onder die gemeenskap in die buiteland aan te moedig. In die komende jaar gaan ons veral fokus op pogings om jongmense in die buiteland toegang tot Afrikaanse taalkursusse te gee. Heelwat is reeds op die webtuistes van die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (skole.co.za) en Afrikaans.com beskikbaar.

Soos die Iere, Katalaanse, Baskiese en Galisiese Spanjaarde moet ons nie verwag dat ons welwillendheid van ons regering gaan beleef in die proses nie, maar die prys is net te hoog om nie self in te spring en vir ons moedertaal en moedertaalonderrig te sorg nie.

Internasionaal bewys statistiek dat lande met moedertaalonderrig die hoogste geletterdheidsyfers, sterk ekonomieë, politieke stabiliteit en hoë lewensverwagting bied. Moedertaalonderrig maak nie net vir die hart sin nie, maar ook vir die verstand.

Die Afrikaanse taalgemeenskap is energiek, kreatief en oor die algemeen hartstogtelik lief vir ons taal. In plaas van toegee aan die linguistiese druk van Engels en die ideologiese druk van die ANC, is dit tyd dat ons waar moontlik betrokke raak en self sorg vir ons taal se toekoms!

maroela media

AfriForum TV

Afrikaanse media, boeke en vermaak maak dit maklik om die taal te bou én te bewaar.



# AfriForum stuit R50 miljoen-skenking aan Kuba

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Verskaf

Die regering het behoorlik op sy neus gekyk toe AfriForum 'n beoogde skenking van R50 miljoen aan die Kubaanse regering suksesvol gestuit het. 'n Beslissing oor dié skenking wat om humanitêre redes aan Kuba gemaak sou word, is in Oktober in die Pretoriase Hooggeregshof geneem. Dít volg nadat AfriForum in Mei 2022 'n hersieningsaansoek ingedien het om die besluit rakende die skenking deur die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking (DIRCO) om te keer.

AfriForum het reeds in Maart 2022 'n dringende interdik bekom om te verhoed dat die regering dié skenking maak. Danksy die jongste beslissing deur die Hooggeregshof mag daar geen toekomstige skenking aan Kuba gemaak word voordat die nodige parlementêre goedkeuring daarvoor bekom is nie.

Volgens Charné Mostert, veldtogbeampte by AfriForum, was die planne om dié buitensporige bedrag aan Kuba te skenk "irrasioneel". Weens die finansiële krisis waarin Suid-Afrika tans verstrengel is, was dit boonop juis vir AfriForum belangrik om "hierdie belaglike skenking te stop", verduidelik sy.

## 'N HISTORIESE VRIENDSKAP

Die hegte band tussen die ANC-regering en Kuba is niks nuuts nie en strek terug na die 1960's, midde-in die ANC se sogenaamde struggle (bevrydingstryd). Ná die afsterwe van die voormalige Kubaanse president Fidel Castro in November 2016 het Maite Nkoana-Mashabane, die toenmalige Suid-Afrikaanse DIRCO-minister, die verhouding met Kuba – wat volgens haar gesmee is tydens 'n "gemeenskaplike stryd teen apartheid en kolonialisme op die Afrika-kontinent" – as belangrik bestempel. In 2020 het pres. Cyril Ramaphosa ook Suid-Afrika se strategiese verhouding met Kuba geloof en die verhoudinge as 'n "spesiale band" beskryf.

Dié band is inderwaarheid só "belangrik" vir die ANC-regering dat dié, volgens 'n AfriForum-verslag oor verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse en Kubaanse regerings sedert 2020, reeds gelei het tot 'n "aantal twyfelagtige transaksies en gedeelde skemas met en skenkings aan die Kubaanse regering". Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) se aankope van onwettige Covid-19-medisyne, waarvoor die SANW teen Augustus 2022 reeds sowat R120 miljoen opgedok het, en onreëlmatige kontrakte (ter waarde van meer as R1,3 miljard) wat die Departement van Verdediging met Kuba aangegaan het, is voorbeelde hiervan.

## SA: VEE EERS VOOR JOU EIE DEUR!

Die uitdrukking "eers eie, dan andermans kinders" is in die geval van die Kubaanse sosio-ekonomiese krisis veral waar, want ten spyte daarvan dat 'n armoedekrisis dié eilandstaat in die gesig staar, is dieselfde ook waar vir Suid-Afrika.

Suid-Afrika spog met die onbenydenswaardige titel as die land met die hoogste werkloosheidsyfer ter wêreld. Die jongste beskikbare werkloosheidsyfers (tweede kwartaal van 2023) toon dat daar volgens die uitgebreide definisie van werkloosheid (wat ook ontmoedigde werksoekers insluit) nagenoeg 11,9 miljoen (oftewel sowat 42,4%) Suid-Afrikaners van werkende ouderdom tans werkloos is.

Enoch Godongwana, minister van Finansies, het intussen al telkens gewaarsku dat die land se finansies wankelrig lyk. Hy het dit in sy mediumtermynbegrotingsrede, wat op 1 November gelewer is, bevestig en beklemtoon dat die regering se skuldrekening ál dieper in die rooi loop.

"'n Land met 'n sukkelende ekonomie en 'n regering wie se geld op die punt is om op te raak, kan nie sommer net miljoene rande aan sy vriende uitdeel nie. Dit is verregaande om, onder die huidige sosio-ekonomiese omstandighede, so 'n reusebedrag aan 'n ander land te skenk. AfriForum beloof om aan te hou veg teen die regering wat verregaande bedrae van belastingbetalers probeer steel," verduidelik Mostert.



**Charné Mostert**, veldtogbeampte by AfriForum.

> **AfriForum beloof om aan te hou veg teen die regering wat verregaande bedrae van belastingbetalers probeer steel.**

# AfriForum gee Malema verskeie keer bloedneus in die hof

**Deur Marthinus Koekemoer | Foto: Marthinus Koekemoer**

AfriForum het Julius Malema, leier van die EFF, vroeër vanjaar in die Johannesburgse Hooggeregshof bloedneus gegee toe daar met koste in dié burgerregteorganisasie se guns beslis is. Regter Roland Sutherland het beslis dat die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) se 2019-bevinding, dat Malema nie haatspraak gepleeg het tydens 'n 2016-byeenkoms nie, tersyde gestel moet word. Die hof het verder bevind dat die SAMRK nie bindende magte het om bevele of bevindings te maak nie. AfriForum het hierdie saak nadruklik met koste gewen.

Malema het in 2016 by 'n geleentheid in Newcastle gesê: "We are not calling for the slaughtering of white people, at least for now." AfriForum het in 2019 hofstukke ingedien om die SAMRK se besluit dat die uitlating nie haatspraak is nie, op hersiening te neem.

Ernst van Zyl, hoof van Openbare Betrekkinge by AfriForum, het die uitspraak as 'n dubbele oorwinning beskryf. "Ons is van standpunt dat Julius Malema duidelike haatspraak gepleeg het in 2016 én dat die SAMRK nie bindende magte het nie. Beide is nou deur die hof bevestig."

Die Konstitusionele Hof het in September vanjaar Malema en die EFF se aansoek om verlof tot appèl teen 'n interdik wat AfriForum in 2017 bekom het, van die hand gewys. Hierdie interdik het Malema en die EFF verbied om mense aan te hits om privaat eiendom te betree en onwettig te beset. Dit was die sesde verlies vir Malema en die EFF in dieselfde saak en daar is nou geen verdere wetlike weë vir 'n sewende poging nie. Die EFF is ook aangesê om AfriForum se regskoste van meer as R200 000 te betaal.

In nóg 'n saak het Malema en sy lyfwag Adriaan Snyman in die Streekhof in Oos-Londen verskyn ná volgehoue druk deur AfriForum. Dié burgerregteorganisasie het klagtes teen die leier van die EFF ingedien ná 'n video die lig gesien het waarin Malema 'n vuurwapen tydens die EFF se vyfde verjaarsdagvieringe in Junie 2018 in die lug afvuur. Malema se regspan het op elke denkbare wyse die hofverrigtinge vertraag en het selfs in September vanjaar 'n aansoek om ontslag, ingevolge artikel 174 van die Strafproseswet, ingedien. Hiervolgens het hulle geargumenteer dat daar nie genoegsame bewyse teen hom en Snyman was om die saak verder te voer nie.

AfriForum se appèlsaak teen Malema se sing van die dreunsang "Kill the Boer" is in September in die Hoogste Hof van Appèl in Bloemfontein aangehoor. Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sê dié saak vorm deel van AfriForum se driebeenstrategie om Malema en sy rassistiese en polariserende uitsprake teen te staan. Die strategie behels regsaksies, die mobilisering van gemeenskapstrukture en die bevordering van wedersydse erkenning en respek tussen kultuurgemeenskappe.

Intussen het Malema weer, tydens die EFF se tiende verjaarsdagviering vroeër vanjaar, "Kill the Boer" voor 'n stampvol stadion gesing. Hierna was daar verskeie aanvalle op boere, insluitend die wrede aanval op Tim en Amanda Platt naby Pietermaritzburg. Die aanvallers het "Kill the Boer" geskree terwyl hulle die egpaar met loodpype, 'n boutsnyer en 'n spies aangeval het. Die Platts was gelukkig om die aanval te oorleef, maar het ernstige beserings opgedoen.

AfriForum se regsverteenwoordigers het 'n sterk saak in die Appèlhof gemaak. Uitspraak is voorbehou.



Julius Malema

> "We are not calling for the slaughtering of white people, at least for now.

# AfriForum-takke sê:

# Ons sál self!

Saamgestel deur Carina Bester | Foto's: Verskaf


In Heilbron is randstene en padmerkers oorgeverf.


Lichtenburg-taklede het weer talle slaggate in dié dorp opgevul.


AfriForum se Vryburg-tak het voer aan boere in Noordwes geskenk.

*AfriForum se takke landwyd is die hartklop van die organisasie. Die takke en buurtwagte werk onverpoosd om hul onderskeie dorpe skoon te maak, op te knap en te beveilig.*

## Sentraalstreek

### VRYSTAAT

**Bothaville:** Die buurtwag het gehelp om 12 kabeldiewe in hegtenis te neem.
**Heilbron:** Taklede het padstrepe geverf, padgeute en ander dele in die dorp skoongemaak en 'n boom wat die pad versper het, opgesaag en verwyder.
**Parys:** Die tak het druk op die munisipaliteit toegepas oor die voortslepende water- en kragkrisis in die dorp, terwyl taklede ook slaggate opgevul het.
**Sasolburg:** Taklede het 8,3 ha gras gesny en talle bome geplant. Die buurtwag het 'n padblokkade saam met die SAPD gehou en 17 inhegtenisnames uitgevoer. Buurtwaglede het ook weekliks die begraafplaas gepatrolleer sodat inwoners die grafte van hul afgestorwe geliefdes kon besoek.
**Bloemfontein:** Die takke het voortgegaan met volhoubare skoonmaakprojekte. Die Jan Fiskaalpark in Pellissier is verbeter. In Wilgehof het die jeug by Gardeniapark skoongemaak en die buurtwag het 'n boom verwyder wat die pad versper het. Langenhovenpark-buurtwaglede het ook 'n boom verwyder wat die pad versper het.
**Zastron:** Die tak het twee strafregtelike klagtes teen die munisipale bestuurder ingedien weens besoedeling.

### NOORDWES

**Klerksdorp:** Die Hartbeesfontein-buurtwag het gehelp om brande te blus.
**Potchefstroom:** Die tak het padmerkers geverf en 16 sipresbome by die konsentrasiekampkerkhof geplant.
**Stilfontein:** Buurtwaglede het verdagtes vir gewapende roof en die besit van vermoedelik gesteelde eiendom in hegtenis geneem.
**Lichtenburg:** Taklede het 124 slaggate in 11 dae opgevul.
**Brits:** Die tak het agt bome by die Laerskool Olienpark geplant.
**Vryburg:** 'n Totaal van 63 koringstrooibale is aan boere in die omgewing geskenk ná verwoestende brande.

### KWAZULU-NATAL

**Pongola:** Die tak het 15 asblikke in die dorp geplaas.
**Newcastle:** Taklede het hul slaggatherstelprojek in samewerking met die Newcastle Plaaslike Munisipaliteit voortgesit.
**Laer Suidkus:** Die tak het dakverf aangekoop om te help om die Pikkies Kleuterskool se dak te herstel.





Onwettige plakkers in Germiston is verskuif.



'n Wavrag vol vullis is in Bethal opgeruim.

# Noordstreek


## MPUMALANGA

**Bethal:** Die tak het in samewerking met Skipgo Teksa weekliks 30 asblikke leeggemaak. Slaggate is opgevul en verskeie skoonmaakprojekte is voltooi. Taklede het ook 150 swartsakke vullis opgetel.
**Secunda:** Die Teks (Trichardt, Evander, Kinross en Secunda)-buurtwag het ondersteuning gebied op verskeie ongelukstonele.
**Delmas:** Buurtwaglede het gehelp om 'n gesteelde voertuig terug te vind en ook verdagtes in hegtenis geneem weens huisbraak, kabeldiefstal en voertuigkapings.
**Standerton:** Die tak het substasies met alarmstelsels beveilig en die SAVF-gemeenskapsentrum se dak geseël. Taklede het ook water aan Ampath voorsien tydens 'n wateronderbreking. Die buurtwag het 'n verdagte aangekeer.
**Nelspruit:** Die buurtwag het ondersteuning gebied op verskeie ongelukstonele.
**Witrivier:** Buurtwaglede het gehelp om veldbrande te bestry, terwyl hulle ook hulp op ongelukstonele verleen het.
**Belfast:** Taklede het water aan die gemeenskap voorsien danksy hul noodwaterpunte. Die tak se asblikprojek het ook tot 'n netjieser omgewing bygedra.
**Machadodorp:** Die tak het die Emakhazeni Plaaslike Munisipaliteit gehelp om 'n waterpyp te herstel.

## GAUTENG

**Alberton:** Die buurtwag het gehelp om 'n vermiste seun op te spoor en aan sy familie terug te besorg. Taklede het parke skoongemaak. Die buurtwag het suksesvolle operasies saam met die SAPD gehou waartydens 17 mense in hegtenis geneem is.
**Benoni:** Die tak het gehelp om gras te sny en skoon te maak. Die buurtwag het ondersteuning gebied tydens verskeie veiligheidsverwante voorvalle en het ook verdagtes aangekeer. Buurtwaglede het noodhulp toegepas nadat 'n trekker op 'n gemeenskapslid geval het. Hulle het ook gehelp om brande te blus.
**Boksburg:** Taklede het ondersteuning gebied op verskeie ongelukstonele én by ander mediese voorvalle, terwyl die buurtwag die gemeenskap ondersteun het ná gewapende rooftogte plaasgevind het. Buurtwaglede het ook gehelp nadat 'n verdagte in 'n skietvoorval twee skietwonde en 'n kopwond opgedoen het.
**Edenvale:** Die buurtwag het gehelp om verdagtes aan te keer nadat daar by verskeie huise ingebreek is. Buurtwaglede het ondersoek ingestel nadat 'n substasie deur vandale beskadig en aan die brand gesteek is. Die buurtwag het saam met die SAPD 'n voertuig teruggevind ná 'n voertuigkaping.
**Germiston:** Taklede het in samewerking met die SAPD meer as 100 onwettige immigrante in hegtenis geneem. Die tak het druk op die munisipaliteit geplaas om 'n

>>



Te midde van 'n munisipale staking in Pretoria het AfriForum-lede in Pretoria-Wes self die buurt se vullis verwyder.


**Ben van Aswegen** en **Gideon Jansen van Vuuren** van die Naboomspruit-tak. Die tak het 'n hek by die dorp se watersuiweringsaanleg herstel.


AfriForum se Vanderbijlpark-tak het Phoenix-park skoongemaak.

geblokkeerde rioolpompstasie te herstel. Taklede het verdere druk op die munisipaliteit geplaas sodat onwettige plakkers en strukture verwyder word. Taklede het gehelp om 'n toneel te beveilig nadat 'n brand ontstaan het weens foutiewe ondergrondse elektriese kabels.
**Kempton Park:** Die tak en ander rolspelers het gehelp om 'n voertuig terug te vind en verdagtes aan te keer ná 'n diefstal by 'n kitsbank. Die tak het die gemeenskap gehelp om nog 'n herwinningstasie op te rig.
**Springs:** Die buurtwag het saam met die brandweer gewerk om 'n brand te blus. Hulle het verder gehelp om 'n gesteelde fiets terug te kry.
**Centurion:** Taklede het vullis verwyder en verskeie woonbuurte skoongemaak. Die buurtwag het saam met die SAPD aan 'n spesiale operasie gewerk.
**Noord van die berg:** Die tak se tuinspan het gras gesny, rommel opgetel en parke skoongemaak.
**Pretoria-Wes:** Taklede het gehelp om vullis tydens die munisipale staking te verwyder.
**Bronkhorstspruit:** Die buurtwag het ondersteuning gebied op ongelukstonele. Die tak het druk op die munisipaliteit toegepas sodat 'n waterlek herstel kan word.
**Moreletapark:** Die tak het vullis verwyder tydens die munisipale staking.
**Krugersdorp:** Taklede het rondom die Paul Kruger-monument skoongemaak, terwyl die buurtwag gehelp het om brande te blus.
**Vanderbijlpark:** Die tak het gras gesny en vullis verwyder.

## LIMPOPO

**Ellisras:** Tak- én buurtwaglede het gehelp om gesteelde vee aan te keer en 'n brand te bestry.
**Pietersburg:** Die buurtwag het kabeldiewe vasgetrek, terwyl die tak gehelp het om 'n brand te blus.
**Tzaneen:** Buurtwaglede het gehelp om 'n brand te bestry.
**Thabazimbi:** Taklede het slaggate opgevul en die dorp skoongemaak.
**Naboomspruit:** Die tak het stoptekens opgerig en padmerkers geverf. Hulle het ook gehelp om brande te blus en herstelwerk te doen aan die skuifhek by die dorp se watersuiweringsaanleg.
**Warmbad:** Taklede het gehelp om brande te blus.
**Nylstroom:** Buurtwaglede het ondersteuning gebied ná 'n plaasaanval.
**Phalaborwa:** Die tak het skoonmaakmiddels aan 'n plaaslike tehuis vir bejaardes geskenk. Hulle het ook hulp verleen tydens 'n watertekort op die dorp.
**Groblersdal:** Die tak het saam met die SAPD gewerk om 'n veediefstalsindikaat vas te trek.
**Potgietersrus:** Die buurtwag het ondersteuning gebied ná 'n huisroof. Twee verdagtes is aangekeer nadat 'n plaasaanval gefnuik is.



AfriForum se Worcester-tak het dowe bejaardes in Shalom-tehuis besoek.


AfriForum se Walker Drive-buurtwag het gehelp om 'n inbreker vas te trek.


Vetplantsmokkelaars is deur die Albertinia-plaaswag en Riversdal-buurtwag vasgetrek.


Onwettige plakkers is in Durbanville verwyder.

## Suidstreek

### NOORD-KAAP

**Kamiesberg:** Die tak het 'n skoonmaakprojek aangepak en vullis na die vullisterrein weggery.
**Kakamas:** Taklede het gehelp met die herstel en opgradering van die pad en toetsstasie wat vir die uitreik van voertuiglisensies gebruik word.
**Kathu:** Die tak het 'n skoonmaakprojek aangepak en die bome wat taklede geplant het, natgelei.
**Keimoes:** Taklede het by die waterwiel skoongemaak, vullis na die vullisterrein weggery, gras gesny en tuinbeddings skoongemaak.
**Upington:** Die tak het elke oggend saam met padpatrollielede van die Laerskool Oranje-Noord padpatrollie gehou om die skool se leerders te beveilig.
**Kimberley:** Die tak het weekliks 'n skoonmaakaksie aangepak.
**Delportshoop:** Die tak het 'n watersloot skoon gesny en vier sleepwaens vol vullis na die vullisterrein weggery. Die tak het saam met verskeie rolspelers gewerk om die dorp skoon te hou.

### OOS-KAAP

**Elliot:** Taklede het in samewerking met die munisipaliteit straatligte se gloeilampe vervang.
**Cradock:** Die tak se noodwaterpunte het gehelp om water aan die gemeenskap te voorsien.
**Port Elizabeth:** Die tak se 21 noodwaterpunte het water aan die gemeenskap voorsien. Die Walker Drive-buurtwag het 'n inbreker vasgetrek en nooddienste ondersteun nadat 'n liggaam op die Maitland-strand gevind is.

### WES-KAAP

**Durbanville:** Taklede het gehelp met opruimingswerk, asook om hawelose mense te identifiseer en vir hulle 'n ander heenkome te vind.
**Kraaifontein:** Die tak het parke skoongemaak en gras gesny.
**Helderbergkom:** Die tak het die gemeenskap ondersteun ná swaar reën en vloede die paaie ernstig beskadig het.
**Overstrand:** Plaaslike buurtwaglede het saam met die SAPD en sekuriteitsmaatskappye gewerk om misdaad in die gebied te voorkom.
**Strand:** Taklede het gehelp om die Kays-karavaanpark te ontruim ná swaar reën vloede veroorsaak het.
**George:** Die tak het sy hommeltuig suksesvol ingespan om drie jagluiperdwelpies te red.
**Hessekwa:** Die Albertinia-plaaswag en Riversdal-buurtwag het gehelp om vetplantsmokkelaars in hegtenis te neem. Hierdie plaaswag- en buurtwaglede het ook die Swellendam-buurtwag ondersteun tydens onluste in dié dorp.
**Worcester:** Taklede het bederfpakkies aan inwoners van Shalom, 'n tehuis vir dowe bejaardes, uitgedeel.

# AfriForum se privaatvervolgingseenheid veg vir geregtigheid

Deur Barry Bateman en Marthinus Koekemoer | Foto: Marthinus Koekemoer

Wanneer die regstelsel nie funksioneer soos dit moet nie en ander opsies uitgeput is, is AfriForum se privaatvervolgingseenheid (PVE) dikwels die laaste bastion vir geregtigheid. Die PVE is op enige stadium by verskeie sake betrokke. Barry Bateman, woordvoerder vir die PVE, vertel van die vernaamste sake waarby hulle die afgelope paar maande betrokke was.

**JACO SWART**

Die PVE het in September 'n groot deurbraak gemaak toe 'n lasbrief bekom is om die veroordeelde vroueslaner Jaco Swart in hegtenis te neem ná hy daarvan aangekla is dat hy 'n polisievrou aangerand het. Swart is met 'n vriend se paspoort landuit. Hy is blykbaar Ierland toe en van daar na die Verenigde Koninkryk. 'n Polisiegetuie het in die hof verklaar dat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) nie bereid was om die proses vir Swart se uitlewering aan te pak nie omdat dit "te veel dokumentasie" sou behels. Die PVE kon dus nog nie die lasbrief op Swart beteken nie.

"Dit is 'n positiewe stap in die bemagtiging van die publiek waar die staat hulle gefaal het," sê Bateman. "Dit gee privaat vervolgers die mag om vir lasbriewe aansoek te doen. Die publiek moenie vanweë die staat se tekortkominge benadeel word nie."

**M10-ONDERHANDELINGS EN -HERSTELWERK**

Wierdaweg (M10) in Centurion is amptelik weer oop danksy die samewerking tussen die PVE, die gemeenskap en owerhede. Die M10, tussen die N14-snelweg en Ashwoodrylaan, is in November verlede jaar gesluit ná 'n sinkgat op dié pad ontstaan het.

Wierdaweg vorm 'n belangrike skakel tussen gedeeltes van Centurion en Pretoria en die sluiting het 'n negatiewe impak op verskeie ondernemings gehad. Van hierdie ondernemings het die PVE om hulp genader, waarna onderhandelings met die Tshwane-metro aangeknoop is en 'n kontrakteur aangestel is om die pad te herstel.

Adv. Gerrie Nel, hoof van die PVE, het alle betrokke partye vir hul hulp bedank. "Ons hoop dat hierdie sukses wys hoe samewerking en deursettingsvermoë tot die oplos van infrastruktuurprobleme kan lei. Ondernemings en die publiek het gewys hoe konstruktiewe samewerking veel meer regkry as gewelddadige protesaksie wat daarop uit is om aandag te trek en in die proses 'n groot impak op die betrokke gemeenskappe het."

**TSHWANE-METROPOLISIE: KLAGTES EN SAMEWERKING**

Sake het gedreig om handuit te ruk toe adv. Nel en ander lede van die PVE in Julie en Augustus hofverrigtinge bygewoon het waar lede van die Tshwane-metropolisie op aanklagte van onder meer korrupsie en roof verskyn het. Die beamptes het ná afloop van die hofverrigtinge gedreig om lede van die PVE te lyf te gaan.

Grandi Theunissen, die Tshwane-metro se burgemeesterskomiteelid vir Gemeenskapsveiligheid, het ook die hofsaak bygewoon waar hy gesê het dat metropolisielede wat hulle aan misdade skuldig maak, swaar gestraf sal word.

Adv. Nel het buite die hof gesê die PVE is daar om die gemeenskap te ondersteun en om die strate van rampokkers terug te neem. "Die ironie is dat hierdie rampokkers uniforms en vuurwapens het en hul salarisse deur die publiek betaal word. Ons het genoeg gehad."

**WILLEM KRUGER-SAAK**

Vroeër vanjaar het die PVE, ná 'n deeglike ondersoek, aangekondig dat geen bewyse van 'n misdaad in Willem Kruger se dood gevind kon word nie. Kruger het in November verlede jaar by 'n ramparty in Mpumalanga verdwyn. Sy liggaam en voertuig is nege dae ná hy as vermis aangemeld




**Grandi Theunissen**, die Tshwane-metro se burgermeesterskomiteelid vir Gemeenskapsveiligheid, en **adv. Gerrie Nel**, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid.

is, uit die Vaalrivier gehaal.

Adv. Nel se kantoor het egter bewyse ontdek dat daar blatante kriminele gedrag was om Kruger se familie en die SAPD te mislei. Hierdie bewyse is aan die ondersoeker oorhandig, maar die SAPD het nog nie daarop gereageer nie.

**PADWOEDESAAK**

Die boodskap van AfriForum se PVE is dat niemand bo die wet verhewe is nie. Dit is ook die geval vir ’n advokaat wat onlangs skotvry afgekom het van ’n padwoedevoorval nadat die NVG die saak teen die advokaat teruggetrek het sonder dat hy in die hof verskyn het. Die advokaat het Conrad Pretorius na bewering in die nek en bobeen gesteek. Pretorius het die PVE om hulp genader ná hy daarvan aangekla is dat hy na bewering die advokaat se voertuig beskadig het.



Conrad Pretorius

Pretorius en sy vrou het op 1 Augustus vanjaar die advokaat by ’n kruising, waar die verkeersligte buite werking was, teëgekom. Blykbaar het ’n woordewisseling tussen die advokaat en Pretorius plaasgevind, waarna die advokaat Pretorius vir omtrent 5 km agtervolg en uiteindelik in ’n doodloopstraat voorgekeer het. Beide het blykbaar uit hul motors geklim en ’n verdere woordewisseling het tot ’n geveg gelei. Pretorius beweer die advokaat het hom met ’n skerp voorwerp in die nek en been gesteek. Pretorius kon terug in sy voertuig klim en het vir behandeling na ’n hospitaal gehaas.

Die PVE dring by die NVG aan op die heroorweging van die beslissing en om gepaste klagtes teen die advokaat aanhangig te maak.

# Privaat vervolging noodsaaklik weens verval van die Suid-Afrikaanse regstelsel

Deur adv. Gerrie Nel – hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid | Foto: Verskaf

Die Suid-Afrikaanse regstelsel is, soos die gesegde lui, “bo blink, maar onder stink”. ’n Sprekende voorbeeld hiervan is die Victoria & Griffiths Mxenge-hoofkantoor van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) teenoor die fasiliteite waaraan ons aanklaers op voetsoolvlak blootgestel word.

Voorts is die woord “huigelary” (wat uit die Grieks afgelei is en “akteur” of “aktrise” beteken) ’n goeie beskrywing van die NVG-bestuur se kwartaallikse voorleggings aan die parlement. Die gaping tussen die voorleggings aan die parlement en dit wat gewone mense daagliks in ons howe ervaar, is so ver verwyderd van die werklikheid soos die ooste van die weste.

Weens die verval van die strafregstelsel het privaat vervolging en die uitbreiding daarvan ’n noodsaaklikheid geword. Daar is steeds politieke verskansing, maar die verval van die strafregstelsel skep ’n geleentheid vir die uitbreiding van die konsep van privaat vervolging. Ervaring leer dat selfs klaers in strafsake nie ons howe kan nader sonder regshulp in die vorm van ’n waaksaamheidsopdrag nie.

Maar waarom is privaat vervolging juis nou so noodsaaklik? ’n Kykie na ’n gewone dag (26 September 2023) in die werksaamhede van AfriForum se privaatvervolgingseenheid het die volgende opgelewer (neem in ag dat ons slegs nege personeellede is wat nie elke dag in elke hof kan wees nie):

**DIE OOS-RAND**

Die dossier en ondersoekbeampte in ’n verkragtingsaak van ’n minderjarige deur ’n sportafrigter is nie by die hof nie. Ten spyte van die feit dat dit ’n finale uitstel vir verdere ondersoek was, doen die aanklaer geen stappe om die dossier of ondersoekbeampte by die hof te kry nie. Adv. Phyllis Vorster en ondersoeker Thalitha de Jongh kontak die polisiebestuur en sorg dat die ondersoekbeampte by die hof uitkom.

**MIDDESTAD VAN JOHANNESBURG**

In ’n Streekhof is daar ná verskeie uitstelle geen dossier by die hof nie. Die landdros weier om die sake van die rol te skrap, maar is genoop om sonder enige formaliteite borg vir die beskuldigdes te oorweeg.

**DIE WES-RAND**

Die landdros betree die hof ten spyte van die feit dat die aanklaer nog nie in die hof is nie. Die hof sit stampvol mense. Toe die aanklaer uiteindelik opdaag en gekonfronteer word, volg ’n onverklaarbare verskoning.

**WES-KAAP**

Nadat ons vyf ure lank met ’n klaagster en haar dogter gekonsulteer het vir ’n verhoor van ses aanklagte van geslagsgebaseerde geweld en aanranding, antwoord die aanklaer op ons skrywe dat die saak binne twee dae op verhoor gaan en dat die klaagster om 08:30 by die hof moet wees vir ’n konsultasie vir die saak wat om 09:00 ’n aanvang moet neem.

Hierdie is nie ’n wetenskaplike steekproef nie, maar is ’n toonbeeld van wat ons (wat die hofproses ken) daagliks in die howe ervaar. Ons het dus geen ander opsie nie as om die konsep van privaat vervolging verder uit te brei om self te vervolg in die sake waarby ons ’n belang het.



Adv. Gerrie Nel en adv. Phyllis Vorster.

# BELAglik!

## Dít is hoe nuwe skolewetgewing Afrikaans wil knak

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Marthinus Koekemoer

Voorstanders van dié wetsontwerp noem dit "Education 2.0". Angie Motshekga, minister van Basiese Onderwys, bestempel dit as 'n "baken van hoop" en 'n algehele omvorming van die huidige basiese onderwysstelsel "om die historiese en huidige uitdagings te takel".

Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake, bestempel die omstrede Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (ook bekend as Bela) egter as 'n aanslag op Afrikaanse skole, terwyl die gerekende joernalis en politieke skrywer Tim du Plessis dit al beskryf het as "die ANC se diaboliese komplot". Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, meen op sy beurt dat dié wetsontwerp daarop gemik is om Afrikaanse skole te bedreig en neerkom op "kulturele etniese suiwering". In Junie 2022 het 20 afsonderlike instellings ook 'n gesamentlike verklaring onderteken en aan Motshekga oorhandig. Daarin voer hulle aan dat die aanvaarding van Bela die vertrouensverhouding wat ná 1994 tot stand gekom het, onherstelbaar sal verbrokkel. Hulle bestempel Bela eenvoudig as verraad.

Hoe dit ook al sy, een ding is duidelik, hierdie wetsontwerp kan Afrikaanse skole soos ons dit vandag ken, onherroeplik verander.



Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake.

### BELA IN 'N NEUTEDOP

Die Bela-monster het in 2017 die eerste keer kop uitgesteek toe die eerste konsepwysigingswetsontwerp in Oktober daardie jaar vir openbare kommentaar gepubliseer is. Toe reeds het AfriForum en verskeie ander instellings sterk standpunt ingeneem teen spesifieke artikels in die wetsontwerp wat 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaanse skole en gehalte-onderrig inhou.

In 2021 is 'n nuwe weergawe van die wetsontwerp gepubliseer en wéér het sowel AfriForum as duisende lede van die publiek die wetsontwerp verwerp. Dit is veral artikels 5 en 6 in dié wetsontwerp wat sentraal staan in AfriForum se argument téén die implementering van die wetsontwerp. Hieroor het AfriForum ook geskrewe én mondelike voorleggings gelewer.

AfriForum-personeel en -lede het aan alle geleenthede vir openbare kommentaar deelgeneem. Eers deur middel van die skriftelike en parlementêre voorleggings in 2017 en 2022 en vroeër vanjaar ook aan openbare verhore wat hieroor gehou is.

Volgens die Departement van Basiese Onderwys is daar in die ontwikkelingsfase van die wetsontwerp nagenoeg 5 000 kommentare en 144 petisies ontvang wat gesamentlik nagenoeg 196 000 mense se insette verteenwoordig.

Dit is duidelik dat Suid-Afrikaners baie sterk voel oor dié wetgewing waarmee die staat sy beheer oor openbare skole selfs verder wil uitbrei. Intussen is die Bela-wetgewing sedert die einde van September nóg 'n tree nader aan implementering nadat dit eers deur die parlementêre portefeuljekomitee oor basiese onderwys aanvaar is en teen die einde van Oktober met 223 stemme teenoor 83 in die Nasionale Vergadering goedgekeur is.

Volgens Bailey, wat Bela se verloop jarelank reeds monitor en aan die stuur van AfriForum se aksies teen dié wetsontwerp staan, is dié aanvaarding nog geensins die einde van die pad nie. Goedkeuring by die Raad van Verteenwoordigers in die parlement moet eers volg. Daarna moet die president ook nog sy stempel op die wetgewing plaas. Bailey benadruk dat hoewel die politieke druk groot sal wees om die wetgewing deur te stoomroller, kan die goedkeuring van dié wetsontwerp nog in enige van hierdie twee fases vasval. Boonop sal organisasies en politieke

partye ook nog geleentheid hê om argumente oor die ongrondwetlikheid van die wetsontwerp, waarvoor Bailey sê AfriForum reeds baie bewyse het, in te dien voordat die president die wet aanvaar. Indien die president egter die wet onderteken en dit geïmplementeer word, is AfriForum vasbeslote om die geveg na die howe te neem.

Maar wat behels die gewraakte artikels 5 en 6 van die Bela-wetsontwerp, en wat beteken dit vir die toekoms van Afrikaanse skole?

**ARTIKELS 5 EN 6: 'N SPYKER IN DIE KIS VAN AFRIKAANSE SKOLE?**

Artikels 5 en 6 van die wetsontwerp beoog kortliks om die finale besluitneming oor skole se toelatings- en taalbeleid uit die hande van beheerliggame te neem en oor te dra aan die provinsiale onderwyshoofde. Dit is juis dié twee artikels waarteen Bailey en talle ander teenstanders van die wetsontwerp die hardste skop, omdat dit, volgens Bailey, "vernietigend" kan wees vir Afrikaanse skole.

Motshekga voer aan dat die wetsontwerp nie 'n aanval op Afrikaanse skole is nie en eerder oor die beskerming van elke kind se reg tot onderwys gaan. Sy het al telkens daarop gewys dat die bedoeling van die wetsontwerp onder meer is om diskriminasie op grond van taal uit die weg te ruim.

Bailey stem egter nie met hierdie redenasie saam nie en beklemtoon dat daar reeds in die huidige Onderwyswet genoegsame beskerming teen diskriminasie gebied word, maar dat die Onderwysdepartement nie hierdie kanale doeltreffend benut nie. Hoewel beheerliggame tans self 'n skool se taalbeleid kan bepaal, bied die wet reeds sedert 2010 beskerming teen diskriminasie. Indien 'n ouer dus meen dat daar teen sy kind gediskrimineer word, kan die saak na die Onderwysdepartement verwys word sodat daar, deur middel van 'n appèlproses, tot 'n vergelyk gekom kan word met die beheerliggaam. "As dit growwe diskriminasie is, het die provinsiale onderwyshoof selfs die reg om daardie ouerbeheerliggaam te ontbind en kan dus baie dramaties intree as daar bewyse is dat daar 'n misbruik van mag is," sê Bailey. Sy beklemtoon voorts dat die "regering die bestaan van enkelmedium-Afrikaanse onderwysinstellings *per se* as diskriminasie beskou, terwyl dit 'n internasionale erkende reg is om sodanige instellings te hê."

Die departement se eie ondoeltreffendheid is, volgens Bailey, die rede waarom hierdie bestaande metode vir die beskerming van leerders teen onbillike diskriminasie nie gevolg word nie. Die vennootskap wat met beheerliggame gekoester kan word, is duidelik nie op die ANC of die Onderwysdepartement se agenda nie. Daar word, ten spyte van ondoeltreffendheid, deur hierdie wetsontwerp bewys dat "die ANC daarop uit is om alle moontlike mag in hul hande te sentreer en dat beheerliggame as 'n las, eerder as 'n bate, geag word," beklemtoon Bailey.

**ENGELS, ENGELS, ENGELS ...**

Die implementering van hierdie drakoniese wetsontwerp sal verreikende gevolge vir Afrikaanse skole inhou en is, volgens Bailey, bloot 'n voortsetting van 'n weersinswekkende verengelsingsbeleid wat reeds op verskeie vlakke, soos staatsdepartemente en openbare universiteite, toegepas is.

Die wetsontwerp sal die reg tot moedertaalonderrig, deelname van skoolgemeenskappe in demokraties verkose beheerliggame én gehalte-onderrig kan vernietig. Dit kan bestaande Afrikaanse skole in 'n oogwink transformeer in reuse-entiteite wat eenvoudig plek moet maak vir enige leerder wat in Engels wil skoolgaan. Bestaande ruimtes soos biblioteke, laboratoriums en skoolsale kan boonop opgeraap en ingespan word om meer leerders te akkommodeer as waarvoor die skool tans ingerig is, waarsku Bailey.

In 'n lang kommentaarstuk deur Motshekga wat in die media gepubliseer is, sluit die minister haar verdediging van die Bela-wetsontwerp af en skryf: "Dit [Bela] vergestalt baie hoop, aspirasies en bekommernisse verenig deur 'n visie: Om die beste vir ons leerders, opvoeders en die gemeenskap te verseker." Met dié afsluitingswoorde kan 'n mens met rede wonder of die beswil van Afrikaanse leerders enigsins deel van hierdie visie is.



**William Waugh**, AfriForum se hoof van Organisasiebou, en **Alana Bailey**, hoof van Kultuursake, tydens 'n protesaksie teen die beoogde implementering van die Bela-wetgewing in Kaapstad.

# AfriForum maak die regte skuiwe vir Skaak SA

Deur Marthinus Koekemoer | Foto: Reint Dykema

Die burgerregteorganisasie AfriForum het tydens 'n sitkamergesprek in Junie vanjaar aangekondig dat hulle Skaak SA gaan help in 'n hofsaak teen die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok). Dít volg ná Saskok Skaak SA vroeër vanjaar onregmatig geskors het.

Hierdie saak het op 5 Oktober in die Pretoriase Hooggeregshof begin waar twee beëdigde verklarings wat Saskok op 29 September ingedien het, die hoofbesprekingspunt was aangesien Skaak SA se regspan nie voldoende geleentheid gekry het om vir hierdie stukke voor te berei en daarop te reageer nie.

Ronald Peters, bestuurder van AfriForum Sport, voer aan dat hierdie inligting wat op so 'n laat stadium deur Saskok ingedien is net 'n vertragingstaktiek van Saskok se kant af is. "Saskok weet dat die inhoud van hierdie saak ernstige implikasies vir hulle inhou en hulle sal in hierdie stadium enigiets doen om die saak te vertraag. Dit is duidelik dat die regmatige raad deur polities gedrewe agendas uitgewerk is, terwyl hierdie sportsoort en sy deelnemers nou onder hierdie magstryd ly."

Adv. Pule Seleka SC, Saskok se regsverteenwoordiger, het aangevoer dat die betrokke verklarings laat ontvang is en juis daarop wys dat skaakspelers nie benadeel word deur die skorsing van Skaak SA nie. 'n Verteenwoordiger van die Internasionale Skaakvereniging (Fide) het ook die verrigtinge bygewoon. Dit is juis wanneer Suid-Afrikaanse spelers internasionaal deelneem dat daar probleme is. Terwyl die skorsing geld, kan Suid-Afrikaanse spelers onder meer nie onder die landsvlag deelneem nie en word Suid-Afrikaanse kleure nie aan hulle toegeken nie.

Regter Natvarial Ranchod het die saak aangehoor en in 'n bevel van die hof die saak uitgestel om Skaak SA se regspan tyd te gee om die nodige aandag aan Saskok se verklarings, wat ter elfde ure ingedien is, te gee. Hy het ook gesê daar is nog nie aan die meriete van die saak aandag gegee nie en die hofverrigtinge moet as 'n "voorverhoor" beskou word. Aangesien die saak dringend is en Ranchod se hofrol reeds baie vol is, sal hy dalk nie die saak verder kan aanhoor nie. Dié bevel gun die partye die geleentheid om die adjunk-regter-president te nader om 'n spesiale hofdatum vir hierdie saak te kry.

Volgens Peters is dit vir AfriForum belangrik om by hierdie soort sake betrokke te raak. "Dit is vir AfriForum belangrik om betrokke te raak by sake waar instansies wat veronderstel is om sport in Suid-Afrika te beskerm en te ontwikkel, hierdie plig versuim en eerder hul magsposisie sal misbruik vir ander agendas. Hierdie tipe optrede beïnvloed sport op grondvlak en ons weet watter rol dit in die ontwikkeling en bevordering van gemeenskappe kan speel



> "Hierdie inligting wat op so 'n laat stadium deur Saskok ingedien is, is net 'n vertragingstaktiek van Saskok se kant af.

**Ronald Peters**, bestuurder van AfriForum Sport.

# SOOS ONS AL LANGER AS 'N HONDERD JAAR BEWYS...

## *Ons is hier vir jou.*

EN VIR JOU. EN VIR JOU.

***AVBOB se GRATIS begrafnisvoordele* is beskikbaar aan elke persoon wat deur jou AVBOB-begrafnispolis gedek word.***

*Indien AVBOB Begrafnisdiens aangestel word om die begrafnis van die versekerde lewe te behartig, sal jy GRATIS begrafnisvoordele* ter waarde van tot R21 500 ontvang:*

- 'n Basiese begrafnis ter waarde van **R13 000**, insluitende die reël en uitvoer van die begrafnis, 'n gespesifiseerde kis en lykswa
- 'n Onmiddellike kontantbetaling van **R3 000** vir aanvanklike uitgawes
- **R3 000** afslag op 'n grafsteen, verassing of waterverassing**
- Vervoer van die oorledene binne die grense van Suid-Afrika

***AVBOB BEHARTIG BEGRAFNISSE VIR POLISHOUERS, SOWEL AS NIE-POLISHOUERS.***

*Besoek gerus enige van ons agentskappe landswyd of skakel:*

***0861 28 26 21***

*#DieNommerOmTeHou*

*Standaard-oproeptariewe geld.*

**www.AVBOB.co.za**

*Bepalings en voorwaardes geld. **Die afslag op die grafsteen is geldig vir 18 maande vanaf die datum van die begrafnis en op voorwaarde dat **AVBOB** Begrafnisdiens die grafsteen verskaf. Waterverassing is tans slegs beskikbaar by **AVBOB** in Kaapstad en Pretoria. **GRATIS** begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. **AVBOB** Onderlinge Versekeringsgenootskap is 'n gelisensieerde lewensversekeraar en gemagtigde finansiëlediensteverskaffer. FDV 20656. **AVBOB** is 'n vlak-2-SEB-bydraer. www.**AVBOB**.co.za

ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

top EMPLOYER SOUTH AFRICA 2023

AVBOB ONDERLINGE GENOOTSKAP

# AfriForum-hommeltuie speel belangrike rol in stryd teen misdaad

Deur Marthinus Koekemoer | Foto: Verskaf



AfriForum se hommeltuie het oor die hele land heen een van die belangrikste hulpbronne geword wat buurtwagte inspan om misdaad mee te bekamp. Daar is tans 38 hommeltuie in AfriForum se besit, terwyl verskeie hommeltuie in privaat besit ook soms benut word.

'n Hommeltuig is egter nie van veel waarde as die vlieënier nie behoorlik opgelei is nie. Forum Sekuriteit het vier jaar gelede die eerste hommeltuigvlieëniers begin oplei met die basiese privaat hommeltuiglisensiekursus (Engels: Private Pilot Certificate, PPC). Die eerste afstandsbeheerde hommeltuiglisensiekursus (Engels: Remote Pilot License, RPL), 'n meer gevorderde kursus geskoei op die riglyne wat die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaartowerheid stel, is vroeër vanjaar vir die eerste keer in Pretoria aangebied.

"Die PPC-kursus behels die basiese vlieg van 'n hommeltuig en die dinge wat 'n mens daarmee moet en nie moet doen nie," sê Marius Müller, hoofinstrukteur by Forum Sekuriteit. "Daar is reeds meer as honderd mans en vroue wat hierdie kwalifikasie voltooi het. Die RPL-kursus word saam met Cortac aangebied en behels 'n week van akademiese klasse en 'n verdere week se praktiese opleiding. Hierdie opleiding is belangrik vir ons vlieëniers om saam met die SAPD aan misdaadbekamping deel te neem en om byvoorbeeld rampbestuur toe te pas."

Alhoewel dit nie 'n vereiste is dat studente eers die PPC-kursus voltooi nie, maak dit die lewe van die RPL-student aansienlik makliker as hulle dit wel reeds voltooi het. Die eerste groep RPL-studente het onder andere Forum Sekuriteit-personeellede, AfriForum-distrikskoördineerders en personeel van AfriForum Jeug ingesluit.

"Ons het in Mpumalanga reeds by verskeie geleenthede hommeltuie by operasies gebruik. Ons het al aan soek-en-redding-operasies deelgeneem, gehelp om veediewe vas te trek en gehelp om die vermiste Willem Kruger te soek. Voorts het ons hommeltuie gehelp om ons buurtwagte voor en tydens die EFF se #NationalShutdown te koördineer," sê Hennie Bekker, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Hoëveld en een van die studente wat die eerste RPL-kursus bygewoon het.

Petri van der Walt, nasionale koördineerder vir strukture by AfriForum Jeug, het ook die kursus bygewoon en sê hy het dit gedoen om hommeltuie se fyner kunsies aan te leer en om sy plaaslike buurtwag by te staan in die bekamping van misdaad.

"Ek vlieg al vier jaar lank hommeltuie," sê hy. "Ek het baie by dié kursus geleer en kan ander hommeltuigvlieëniers beslis aanmoedig om ook die kursus aan te pak."

Ná afloop van die kursus moet kursusgangers 'n eksterne eksamen aflê en 'n mediese sertifikaat bekom voordat hulle amptelik die kwalifikasie ontvang.



**Ebert Myburgh** van die Teks-buurtwag tydens hommeltuigopleiding.




EPG GAS DISTRIBUTORS

AfriForum-lede in die groter Pretoria-area kwalifiseer vir **17%-korting op** 9 kg, 19 kg, en 48 kg VPG-silinderhervullings. Registreer by **www.afriforum.co.za** ("Ledevoordele" - "Produkte"). Alle B's en V's geld.

012 324 3294

071 672 2914

www.epggas.co.za

AfriForum

EPG

# Buurtwaglede ontvang gevorderde opleiding



Deur Carina Bester | Foto's: Carina Bester

Met die stygende misdaadvlakke het dit al hoe belangriker geword dat gemeenskappe hul eie veiligheid binne die raamwerk van die wet prioritiseer. Daarom het AfriForum se gemeenskapsveiligheidsafdeling begin om meer gespesialiseerde opleiding aan buurtwaglede te bied.

'n Totaal van 160 lede het die afgelope twee en 'n half jaar reeds dié protospankursus suksesvol voltooi – 26 hiervan het die kursus in September bygewoon. Hierdie protospanlede word beskou as die spiespunt van AfriForum-buurtwagte se reaksiespanne.

Tydens die kursus ontvang lede sowel teoretiese as praktiese opleiding wat hulle in staat stel om tydens noodsituasies op te tree. Hierdie gespesialiseerde opleiding sluit hand-tot-hand-gevegkuns, regsaspekte, mediese opleiding, toneelbeveiliging en taktiese vuurwapenhantering in.

"Die lede se werk begin eers werklik ná die voltooiing van hierdie opleiding. Wanneer 'n voorval plaasvind, sal die buurtwaglede die gebied afsper en die protospanlede sal dan inkom en sekere aspekte van die voorval hanteer totdat die polisie en ander nooddienste op die toneel opdaag. Dit is belangrik dat die protospanlede gereeld saam oefen om hul vaardighede vars te hou," sê Thomas van Dalen, opleidingsbestuurder by AfriForum.

Nege AfriForum-taklede van Vryheid in KwaZulu-Natal het besluit om die protospankursus by te woon nadat 'n goeie vriend vroeër vanjaar tydens 'n huisbraak doodgeskiet is.

Volgens Marnu Nigrini, lid van AfriForum se Vryheid-tak, het hulle besluit om die protospankursus by te woon om hulself beter op te lei. "Ons het baie teoretiese opleiding ontvang en prakties het ons geleer hoe om jou vuurwapen tydens 'n noodsituasie te hanteer, hoe om voertuie te stop en te deursoek, die belangrikheid van radiokommunikasie en hoe om die nodige rolspelers te kontak. Ek dink dit is belangrik om so 'n kursus by te woon om die nodige kennis op te doen en ek sal dit beslis vir enigiemand aanbeveel wat graag 'n verskil in hul gemeenskappe wil maak."

AfriForum bied ook deurlopend opleiding aan vir die organisasie se sowat 169 buurtwagte en AfriForum se instrukteurs is beskikbaar indien die buurtwag- of protospanlede verdere opleiding benodig.

"Ons protospanne behaal gereeld groot suksesse in die geveg teen misdaad. In Augustus het ons protospan in Brits 'n groot rol gespeel en binne twee ure ná 'n plaasaanval plaasgevind het vier aanvallers aangekeer. Ons sal aanhou om ons buurtwaglede van topgehalte veiligheidsopleiding te voorsien om ons gemeenskappe te beveilig," sê Jacques Broodryk, AfriForum se woordvoerder vir Gemeenskapsveiligheid.








# Vuurwapenlisensies: Van sit en staan ...

Deur Marnus Kamfer – regs-en-risikobestuurder by AfriForum | Foto's: Marthinus Koekemoer

Ek is seker dat almal 'n geval kan oproep, vernaamlik in die destydse eksamentyd, waar alles eenvoudig belangriker was as om te sit en begin leer en voorberei vir 'n vraestel. Skielik is dit hoog tyd dat die hond gebad word. Die gras kan doen met 'n goeie sny en die kamer moes al lankal uitgeverf word. "Ek sal regtig aan die gang moet kom," dink jy by jouself, terwyl jy doelloos deur die televisiekanale hop of deur die koerant of tydskrif blaai.

Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde. Ons vermy steeds belangrike take wat ons weet afgehandel móét word. Ons oortuig onsself egter nou dat ons verskonings, anders as destyds, regtig belangriker is as dié take. Wanneer dit te laat is om hierdie belangrike taak te voltooi, breek dié argument soos 'n ruit in 'n duisend stukke van "wat as".

Jou vermoë om jouself, jou familie en die mense waarvoor jy lief is doeltreffend te beskerm en te verdedig teen kriminele is sekerlik een van die belangrikste take wat uitgestel word. Daar is ongelukkig net één manier. Agterstewe op die stoel – pak die bul by die horings en begin net!

AfriForum moedig graag sy lede aan om, binne die raamwerk van die wet, hulself te bewapen en te verdedig. Hierdie artikel het ten doel om leiding in dié verband te verskaf en ons lede in 'n rigting te help om hulself op die regte wyse te bewapen.

## STAP 1: DIE VAARDIGHEIDSERTIFIKAAT [1]

Daar moet eerstens aangeklop word by 'n behoorlik geregistreerde en geakkrediteerde persoon of maatskappy vir opleiding en die uiteindelike aflê van die teoretiese eksamen en praktiese skietassessering. 'n Lys van geakkrediteerde diensverskaffers is beskikbaar op die SAPD se webtuiste by **www.saps.gov.za/services/flash/main_firearms.php**. Sodra die assesserings suksesvol afgehandel is en die kandidaat geslaag het, sal die vaardigheidsertifikaat uitgereik en aan die kandidaat oorhandig word.

## STAP 2: DIE BEVOEGDHEIDSERTIFIKAAT [2]

Sodra die vaardigheidsertifikaat bekom is, kan die naaste polisiestasie wat jurisdiksie het oor die residensiële adres van die persoon wat aansoek om die bevoegdheidsertifikaat wil doen, aangedoen word om aansoek te doen vir sodanige bevoegdheidsertifikaat. Die aansoekvorm, asook 'n lys van dokumente wat die vorm moet vergesel, is beskikbaar by **www.saps.gov.za/services/flash/firearms/faq_applying_for_new_licence.php**. Besoek gerus ook self die polisiestasie en kry die vorms, lys van vereisde dokumente en inligting rakende die bedrag betaalbaar uit die (polisie-)perd se bek.

Sodra die aansoek dan ingedien is, moet Job se geduld aan die kant van die persoon wat aansoek gedoen het, intree. Dit kan etlike maande neem vir die aansoek om deur die proses te gaan om goedgekeur te word. Die aansoeker sal 'n SMS-boodskap as bevestiging van ontvangs

1 Artikel 9(q)(r) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000
2 Artikel 9 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000
3 Regulasie 86(12) van die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000

van die aansoek ontvang, asook 'n verwysingsnommer. Gebruik dié verwysingsnommer en die aansoeker se identiteitsnommer om die aansoek se vordering na te gaan by **www.saps.gov.za/services/firearm_status_enquiry.php**.

Onthou om die bewys van betaling (soos ontvang by die polisiestasie met inhandiging van die aansoek) veilig te bewaar.

### STAP 3: VAN TE KUS EN TE KEUR ...

Daar kan nou, terwyl die bevoegdheidsertifikaat in spanning afgewag word, ondersoek ingestel word na 'n kluis en vuurwapen wat die voornemende eienaar behaag. Die opsies is legio. Dit sal as't ware voel soos 'n lekkergoedwinkel waar daar net een lekkerny gekies kan word. Baie wapenwinkels verskaf selfs die geleentheid om met 'n vuurwapen wat die voornemende koper se oog trek, te skiet om die persoon 'n gevoel vir dié vuurwapen te gee. Nou is die tyd om met baie mense om daardie braaivleisvuur te gesels, die wapenwinkels se kennis te tap en op te lees – die internet kan ook 'n belangrike bondgenoot in jou soektog wees!

Installeer nou ook die kluis wat jy gekoop het in jou huis op die voorgeskrewe wyse,[3] gesels gerus met die vuurwapenwinkel waar jy die kluis koop vir verdere leiding en trek die vaardigheidsertifikaat-opleidingsmateriaal ook nader vir insig.

### STAP 4: DIE LISENSIE-AANSOEK

Sodra daardie SMS ontvang word wat die suksesvolle en gunstige oorweging van die bevoegdheidsertifikaat bevestig, kan die polisiestasie geskakel of genader word om 'n kopie van die sertifikaat te verskaf. Sodra dit ter hande is, kan dáárdie vuurwapen, wat in die vorige stap geïdentifiseer is, aangekoop word. Die wapenhandelaars sal die nodige vorms verskaf wat deels deur hulle ingevul is. Nou moet die pad na die polisiestasie weer aangedurf word om die lys van vereiste dokumente, wat die aansoek moet vergesel, te bekom. Die lys is ook beskikbaar by **www.saps.gov.za/services/flash/firearms/faq_applying_for_new_licence.php**.

Omdat die motivering, wat onder meer die aansoek moet vergesel, tegnies van aard kan raak, word dit aanbeveel om van 'n deskundige maatskappy of persoon se diens gebruik te maak om te help met die skryf van die motivering en sommer die hele pakkie bymekaar te kry om in te gee by die polisiestasie. Doen gerus navraag by die polisiestasie of jou naaste wapenwinkel vir aanbevelings van deskundiges in jou omgewing.

Die polisie kan in dié tyd ook iemand uitstuur om 'n kluisinspeksie te kom doen ten einde seker te maak dat daar aan die vereistes voldoen word rakende die kluis en die installering daarvan.

Onthou om die vordering van die lisensie-aansoek, met hope geduld, te monitor by **www.saps.gov.za/services/firearm_status_enquiry.php**.

### STAP 5: PLUK DIE VRUGTE, VOORTGEBRING DEUR VOLHARDING!

Sodra jy die SMS ontvang dat jou lisensie goedgekeur is, kan jy by die polisiestasie aandoen om navraag te doen oor jou lisensiekaart. In die tussentyd mag jy ook by die polisiestasie aansoek doen om 'n tydelike permit (onder meer as bewys van die goedkeuring van jou vuurwapenlisensie.) Hierdie opsie is verlede jaar, weens die onredelike lang wagtyd vir die druk van vuurwapenlisensiekaarte, deur die SAPD bevestig.

Sodra jy die lisensie ter hande het, kan jy jou vuurwapen gaan afhaal. Baie geluk! Jy het nou, as verantwoordelike burger, 'n wesenlike stap gedoen om jouself en jou gesin te beveilig.

### STAP 6: BEMAGTIG JOUSELF EN OEFEN, OEFEN, OEFEN!

Om die vuurwapen te besit is 'n noodsaaklike vereiste wat met baie verantwoordelikheid gepaard gaan. Raak betrokke by jou plaaslike buurtwag, woon skietdae by, woon lesings oor die aanwending van 'n vuurwapen en vuurwapenwetgewing by, ontleed gereeld "wat as die volgende gebeur en hoe gaan ek en my gesin reageer"-scenario's in jou kop en spandeer tyd op die skietbaan. Woon ook 'n praktiese skietkursus by. Kontak AfriForum gerus om jou hiermee te ondersteun.

Nou maar toe. Die son trek water. Van sit en staan kom niks gedaan.

> "AfriForum moedig graag sy lede aan om, binne die raamwerk van die wet, hulself te bewapen en te verdedig.



**Marnus Kamfer**, regs-en-risikobestuurder by AfriForum.




**Christine du Preez**, voormalige visepresident van Netbal SA.

**Joseph Taylor**, netbalafrigter en -skeidsregter.

**Ronald Peters**, bestuurder van AfriForum Sport.

# Rolspelers staan op teen wanbestuur in Netbal SA

Deur Carina Bester | Foto's: Carina Bester

Presidente en bestuurslede van sportfederasies is veronderstel om net die beste vir die sport, sy spelers en afrigters te wil hê. Hulle is ook veronderstel om geleenthede te skep sodat die sport en sy spelers voortdurend kan ontwikkel om op die hoogste vlak mee te ding.

Dit is egter nie waar in Netbal Suid-Afrika (Netbal SA) se geval nie. Verskeie rolspelers wat voorheen by dié federasie betrokke was, asook fluitjieblasers het AfriForum genader oor die beweerde wanbestuur, viktimisasie, seksuele misdrywe en korrupsie in dié sportliggaam.

Hierdie groep mense het verskeie aantygings teen Cecilia Molokwane, president van Netbal SA, gemaak en in die twee dokumentêre wat AfriForum vanjaar bekendgestel het oor Netbal SA, word Molokwane daarvan beskuldig dat sy haar mag misbruik, by keuringsprosesse inmeng en jong spelers afkraak wat dan nie weer netbal wil speel nie. Ongerymdhede in Netbal SA is ook onder die loep geneem.

"AfriForum veroordeel die wanbestuur van sportfederasies en -beheerliggame in Suid-Afrika ten sterkste aangesien dit 'n wesenlike impak het op die rol wat sport speel in die ontwikkeling en bemagtiging van gemeenskappe," sê Ronald Peters, bestuurder van AfriForum Sport.

Tydens 'n mediakonferensie vroeër vanjaar het AfriForum aangekondig dat die organisasie vir Joseph Taylor, 'n gekwalifiseerde netbalafrigter en -skeidsregter, en Olivia Jasriel, 'n kampvegter teen die seksuele misbruik van kinders, ondersteun in hul sake teen Netbal SA.

Taylor het ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) inligting versoek oor finansiële ongerymdhede tydens Molokwane se ampstermyn, asook inligting oor beweerde voorvalle van seksuele mishandeling. Hy het ook inligting oor sy skorsing as lid van Netbal SA versoek, maar Netbal SA het nie dié inligting aan Taylor verskaf nie ondanks hul wetlike verpligtinge.

Die lastersaak wat Netbal SA en Molokwane teen Jasriel aanhangig gemaak het nadat sy inligting oor beweerde seksuele misdrywe bekend gemaak het, is 'n poging om die aandag af te lei van die beweerde wanbestuur en versuim om die ernstige ongerymdhede te ondersoek, sê Peters. Jasriel noem in *The true state of affairs in Netball SA,* die eerste dokumentêr oor Netbal SA, hoe algemeen die seksuele misbruik van kinders wat sport beoefen, plaasvind. Sy is tans by twee aktiewe sake betrokke waar sportlui misbruik is.

Christine du Preez, voormalige visepresident van Netbal SA, sê in die dokumentêr dat Molokwane "onaantasbaar" is. Volgens haar is die Wêreldbeker-netbaltoernooi wat vanjaar in Kaapstad aangebied is, 'n voorbeeld van die wanbestuur in dié sportsoort. "Met 'n begroting van meer as R180 miljoen vir dié toernooi, sou 'n mens 'n goed georganiseerde en gehaltetoernooi met vol stadions verwag het. Die kaartjies was egter so duur dat mense eerder die netbal op TV by die huis gekyk het."

"Netbal is een van die sportsoorte in Suid-Afrika wat ongelooflike potensiaal het, maar weens wanbestuur en politieke agendas word hierdie potensiaal nie ten volle ontgin nie. Hierdie kwessies gaan nie oor individuele sake nie, maar oor die toekoms van die sport in die land," sê Peters.

* Die tweede dokumentêr was teen spertyd nog nie amptelik bekendgestel nie. In dié dokumentêr, getiteld *Interference in and management of sport in South Africa,* het Eric Mathabatha, netbalafrigter, Mimi Zulu, voormalige president van Netbal SA, asook Taylor na vore gekom. Albei dokumentêre oor Netbal SA kan op AfriForum se YouTube-kanaal gekyk word.

# 36 wenke:
# Beveilig jou huis of plaas só

Deur Marthinus Koekemoer | Foto's: Marthinus Koekemoer

*Die skoolvakansie is net om die draai en of jy nou met Jan Tuisbly se karretjie ry of met vakansie gaan, veiligheid by die huis, op vakansie of op die plaas moet veral in dié tyd opgeskerp word. AfriForum se gemeenskapsveiligheidsafdeling se lys handige wenke bied advies oor hoe om jou en jou geliefdes hierdie feesseisoen optimaal te beveilig.*

## AS JY TUIS IS:

1. **Let op na hoe jou of die bure se honde blaf. Dit is dikwels 'n aanduiding van gevaar of 'n bedreiging.**
2. **Bly op datum met die beurtkragskedule in jou omgewing. Kragonderbrekings maak die huis 'n sagter teiken waartoe kriminele makliker toegang kan kry.**
3. **Vind uit wanneer jou bure met vakansie gaan. Bekom die nodige telefoonnommers wat gebruik kan word indien 'n noodgeval sou opduik.**
4. **Sluit aan by die buurtwag, ry patrollies en neem kennis van informasie wat ingewin word.**

## AS JY MET VAKANSIE GAAN:

1. **Laat weet jou bure wanneer jy vertrek en wanneer jy gaan terugkom.**
2. **Moenie dat pos en koerante in die posbus ophoop nie. Kriminele kan hieruit aflei dat niemand by die huis is nie. Stel iemand aan om hierna om te sien en indien moontlik na jou huis te kyk. Stel die persoon aan jou bure voor. Hierdie persoon moet ook die nodige kontaknommers van mense hê wat tydens 'n noodgeval gekontak moet word.**
3. **Indien jy jou veiligheidsmaatskappy vertrou, laat weet hulle van jou reisplanne. Doen dieselfde vir jou buurtwagleier.**
4. **Wanneer jy die langpad aandurf, maak seker jou voertuig is padwaardig. Beplan jou roete voor jy die pad aanpak en pak 'n noodhulpkissie in en maak sodoende voorsiening vir mediese noodgevalle.**

## AS JY OP DIE PLAAS IS:

1. **Bevriend jou bure. Jou bure is die eerste mense wat jou kan bereik as daar moeilikheid is. Hulle kan ook help om verdagte gebeure op en om jou plaas waar te neem.**
2. **Sorg dat jy die telefoonnommers van jou bure ken.**
3. **Sluit aan by die plaaslike buurt- of plaaswag. Indien daar nie een is nie, neem die leiding en stig een.**
4. **Wees paraat en gebruik veiligheidshekke en dies meer vir die doel waarvoor dit daar is. 'n Veiligheidshek is van geen waarde as dit oopstaan nie. Kriminele kan enige tyd van die dag toeslaan. Wees dus altyd op die uitkyk vir waarskuwingstekens.**
5. **Gebruik veiligheidstoerusting tot jou voordeel om tyd te koop in aanloop tot 'n plaasaanval. Maak seker die elektriese heining, infrarooistrale en alarms werk en is geaktiveer.**
6. **Veiligheidshekke en -deure, asook ander vorme van fisieke grense maak dit moeiliker vir kriminele om by jou uit te kom. Bring daardie ysterhek in jou gang aan wat jou en jou gesinslede meer tyd sal gee om te beplan indien kriminele toegang tot die huis kry.**
7. **Moenie dink jy sal nooit aangeval of oorrompel word nie. Dit kan met enigiemand gebeur.**
8. **Roetines kan 'n goeie en slegte ding wees. Aan die een kant kan kriminele jou gereelde roetine volg en sodoende bepaal wanneer jy op jou kwesbaarste is en dan toeslaan. Aan die ander kant skep roetine ook 'n verwagting by jou**

>>

vriende, familie en kennisse. As jy en ander mense in die gemeenskap byvoorbeeld elke dag op dieselfde tyd kinders by die skool aflaai en een dag is so 'n persoon nie daar nie, kan dit 'n aanduiding wees daarvan dat iets met daardie persoon gebeur het. Bel en vind uit. Ander roetines kan aangepas word. Wissel byvoorbeeld die tyd af wat jy uitgaan om die honde kos te gee of om die tuin nat te lei.

9. Vra iemand betroubaar om na die plaas om te sien as jy met vakansie gaan.
10. As jy by die huis kom, ry (indien moontlik) gereeld om die opstal om te sien of kriminele jou dalk inwag.
11. Maak voorsiening vir 'n tweede ingang na jou opstal. Hou dit skoon sodat jy ver voor jou kan sien. Klippe en ander voorwerpe kan maklik in die pad geplaas word om jou te dwing om te stop.
12. Met jou tuiskoms moet plaasbewoners gewapen en gereed wees vir enige gebeurlikheid.
13. 'n Elektriese motorhek word bo 'n oopstoot- of swaaihek verkies sodat jy nie uit jou voertuig hoef te klim om dit oop te maak nie.
14. Behoorlike beligting om die huis is noodsaaklik.
15. Sny die onderkante van bome gereeld skoon om wegkruipplekke vir kriminele te beperk.

> Moenie dink jy sal nooit aangeval of oorrompel word nie. Dit kan met enigiemand gebeur.

16. Gebruik gruis om jou huis om as 'n vroeë waarskuwing te dien.
17. Hou genoeg waghonde aan. Hulle is die boer se oë en ore. As honde blaf, is daar gewoonlik goeie rede daarvoor. Moenie dit ignoreer nie.
18. Wees op die uitkyk vir bottels, blikkies en dies meer wat rondom jou eiendom rondlê. Kriminele gebruik dikwels hierdie items om jou woning te merk. Gras wat platgelê is kan ook 'n aanduiding wees dat iemand daar geskuil het.
19. WhatsApp-groepe is 'n voorbeeld van moderne tegnologie wat 'n groot rol kan speel in die beveiliging van plase. 'n Mens kan egter nie net op selfone vir veiligheid staatmaak nie. Oorweeg dit om tweerigtingradio's aan te skaf of om 'n sirene te installeer wat gebruik kan word indien daar 'n probleem is. Opleiding in die gebruik van die radio's is belangrik. 'n Kode om nood aan te meld word ook voorgestel. Sodoende kan iemand wat byvoorbeeld deur kriminele gedwing word om aan te meld dat alles reg is, wel die boodskap oordra dat daar moeilikheid is.



20. 'n Mens moet nooit ná donker jou huis se veiligheidsone verlaat om buite ondersoek te gaan instel na 'n alarm wat afgegaan het, of 'n kraan wat loop of selfs iemand wat huil nie. Kriminele gebruik allerlei taktiek om mense uit hul huis te lok.
21. Slaan ag op vroeë waarskuwingstekens. Heinings wat reg opgestel is en ewe skielik seine of alarms stuur, kan 'n teken wees dat iemand die plaas probeer betree. Ontbied dadelik hulp.
22. Indien jy iemand op jou eiendom betrap moet 'n dossier by die polisie geopen word en 'n klag ingedien word. Vingerafdrukke moet geneem word om te bepaal of die persoon dalk vir ander misdade gesoek word. Meld alle verdagte persone en voertuie by jou naaste polisiekantoor aan. Moedig ook jou werknemers aan om verdagte aktiwiteite aan te meld.
23. Wees versigtig oor watter inligting jy oor jou perseel en gewoontes deel. Huis- en plaaswerkers dra dikwels die inligting aan kriminele oor. Doen vooraf deeglike ondersoek na die werksgeskiedenis van persone wat jy beoog om in diens te neem. Hou boek van al jou werknemers en stoor foto's van hulle en hul identiteitsdokumente.
24. Werkers of vreemdelinge moet verkieslik nie direkte toegang tot die erf hê om aan die deur te klop nie. Bring 'n interkomstelsel by die hek aan.
25. Identifiseer die veiligste kamer in die huis waarna die gesin sal vlug indien daar gevaar is. Hierdie kamer moet verkieslik 'n sterk deur of selfs 'n staalplaat hê. Hou ook noodsaaklike medikasie en kommunikasiemiddele daar binne. 'n Selfoon kan byvoorbeeld in die kamer versteek word. Maak seker dit is altyd gelaai en word net in 'n noodgeval gebruik. Elke lid van die gesin moet ook presies weet wat hulle moet doen indien daar 'n aanval is.
26. Baie bejaarde mense wil nie van hul plase wegtrek nie of van moderne tegnologie gebruik maak om hul plase veiliger te maak nie. In so 'n geval moet die gemeenskap en ander familielede koppe bymekaarsit om die plaas te beveilig.
27. As jy 'n wapen het, moet dit aan jou persoon wees. Dit help nie dit lê in 'n kluis nie.
28. Te veel boere sien die opskerping van veiligheid as 'n duur en onnodige uitgawe. Die realiteit is egter dat die situasie só ernstig is dat geen onkoste te veel is nie.

* Hierdie wenke is opgestel uit die navorsing van verskeie veiligheidstrukture.



"As jy 'n wapen het, moet dit aan jou persoon wees. Dit help nie dit lê in 'n kluis nie.

AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# Jou loopbaanreis begin hier!



*Studeer in*
**AFRIKAANS**

*Beleef 'n bruisende*
**STUDENTELEWE**

*Doen aansoek*
**BY AKADEMIA**




www.akademia.ac.za

**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.

# ’n Nasionale (on) gesondheidsplan SA se voorland?

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Carina Bester

## VIER DINGE WAT JY OOR NGV MOET WEET

Daar word reeds jare lank in die gange van die parlement en in die wagkamers van ondoeltreffende staatshospitale gegons oor die plan der planne. Die plan wat nie net Suid-Afrikaners se gesondheidsorgprobleme soos mis voor die son moet laat verdwyn nie, maar sommer ook gelykheid sal bring en onregverdigheid in die kiem sal smoor. Die sogenaamde nasionale gesondheidsversekering (NGV) het Suid-Afrika behoorlik in rep en roer. En met rede, want dit gaan nie net potensieel jou gesondheid raak nie, maar sal ook jou sak behoorlik ruk. Hier is vier dinge wat jy oor die beoogde NGV moet weet en waarom AfriForum dié plan hand en tand beveg.

### 1. NGV vorm deel van ’n politieke spel

Die idee van nasionale gesondheidsversekering het die eerste keer in 2007 by die ANC se Polokwane-konferensie opgeklink. Nagenoeg 12 jaar later is die wetsontwerp vir dié plan in Augustus 2019 in die parlement ter tafel gelê. Dit is intussen vroeër vanjaar deur die Nasionale Vergadering (NV) aanvaar en na die Nasionale Raad van Provinsies (NRP) verwys vir verdere konsultasies. Sedert September word by provinsiale openbare verhore besin oor die haalbaarheid van hierdie drogbeeld wat ANC-politici opgetower het, terwyl hierdie politici met mag en mening steeds poog om dié plan voort te stoomroller.

Nuwe AfriForum-navorsing oor NGV benadruk onder meer dat politieke mag meer en meer strategies toegepas word om persoonlike finansiële voordeel uit staatshulpbronne te trek. Boonop is tydsberekening vir die beoogde goedkeuring van NGV optimaal om in aanloop tot volgende jaar se nasionale verkiesing in die regerende party se guns te tel.

### 2. Privaat mediese sorg se dae is getel

Indien die ANC sy sin kry, sal privaat mediese sorg in die toekoms onder NGV iets van die verlede wees. Volgens Louis Boshoff, AfriForum-woordvoerder oor NGV, sal dié stelsel neerkom op die nasionalisering van gesondheidsorg in Suid-Afrika. Dit strook met die ANC se ideologie rakende



**Louis Boshoff**, veldtogbeampte by AfriForum.

die wegdoening met privaat eienaarskap en 'n verhoging van staatsbesit. NGV beoog om die kapitalistiese stelsel wat ook in die gesondheidsorgbedryf toegepas word te transformeer. "Dit kom uiteindelik daarop neer dat die suksesvolle privaat gesondheidsektor stelselmatig genasionaliseer sal word om toe te sien dat gesondheidsorgdienste omskep kan word in nóg 'n staatsbeheerde monopolie," verduidelik Boshoff.

## 3. Die staat gaan nóg dieper in jou beursie grou

As jy besorg was oor jou rande wat minder word omdat belasting telkens 'n groter deel van jou salaris verorber, wees gereed, want as NGV-meesters hul sin kry, sal die finansiering van dié plan grotendeels uit die sakke van belastingbetalers kom. Ingevolge artikel 49 van dié wetsontwerp sal NGV gefinansier word deur middel van onder meer inkomstebelasting en algemene belasting. Indien dié roete gevolg word, sal Suid-Afrikaners selfs minder geld beskikbaar hê om te spaar of te investeer en ook verminderde ekonomiese groei tot gevolg hê. Navorsing toon dat elke belastingbetalende Suid-Afrikaner gemiddeld R15 305 méér belasting per jaar sal moet betaal om op te maak vir die tekort in die staat se begroting om NGV te implementeer.

## 4. Medici gaan hul tasse pak

Die implementering van NGV sal 'n grootskaalse uitvloei van mediese kundigheid in Suid-Afrika tot gevolg hê. Só het die Mediese Vereniging van Suid-Afrika (MVSA) en die gesondheidsreus Discovery reeds gewaarsku. Intussen het 94% van medici wat aan 'n studie van die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) deelgeneem het, aangedui dat hulle glo privaat gesondheidspraktisyns sal moontlik groener weivelde in die buiteland gaan soek indien NGV geïmplementeer sou word. AfriForum het ook reeds in sowel skriftelike as mondelinge voorleggings wat tydens die openbare verhore gelewer is, benadruk dat die uitvloei van mediese kundigheid 'n direkte gevolg van die implementering van die beoogde gesondheidsplan sal wees.

### Daar is selfs binne die ANC onenigheid oor NGV

Hoewel die ANC baie graag 'n verenigde beeld in elke opsig wil voorhou, het die gesprekke oor die implementering van NGV reeds krake in die mondering van die regerende party getoon. Hierdie krake kan die party uiteindelik duur te staan bring en vir diegene wat gekant is teen die implementering van die gesondheidsorgplan goeie nuus bring.

Aan die een kant het Joe Phaahla, minister van Gesondheid, in sy 2023/2024-begrotingsrede wat in Mei vanjaar gelewer is, aangevoer dat NGV 'n "instrument vir die realisering van die doel van gelykheid" is, wat "solidariteit tussen ryk en arm" moet bewerkstellig. Aan die ander kant het Enoch Godongwana, minister van Finansies, in Augustus by 'n spitsberaad oor die toekoms van Suid-Afrika verklaar dat baie besonderhede oor NGV in die wetsontwerp ontbreek. "As jy my vra, moet ons eerder meer belê en investeer in ons [mediese] infrastruktuur om dit aanloklik vir almal te maak," het hy bygevoeg.

Indien die spanning tussen die Departement van Gesondheid en die Departement van Finansies voortgaan, kan dit belangrike gevolge vir die regering se hoop op die instelling van NGV inhou.

# Wat doen AfriForum?

**AfriForum het reeds sedert 2018 begin stem dik maak teen die beplande implementering van NGV. In 2019 is geskrewe kommentaar by die parlementêre portefeuljekomitee oor gesondheid ingedien, waarna openbare verhore oor die land heen bygewoon is. In dié tyd het die burgerregteorganisasie ook klagtes oor die vermorsing van honderde miljarde rand deur provinsiale gesondheidsdepartemente ingedien.**

**Die onbekostigbaarheid van NGV is in November daardie jaar in 'n omvattende verslag uiteengesit. Daarvolgens is NGV as 'n onbekostigbare gesondheidsorgramp bestempel. Dié studie het die volgende gevolgtrekking gemaak: "Terwyl die NGV-plan veronderstel is om mense te help om toegang tot mediese sorg te kry, sal dit eerder hul kanse op ekonomiese sukses ondermyn deur of hul lone te sny of hul werk geheel en al te elimineer. Kortliks, goedkeuring van die voorgestelde NGV het die potensiaal om Suid-Afrika se reeds swak ekonomie te verwoes." Versoeke is ook reeds aan pres. Cyril Ramaphosa gerig waarin AfriForum hom versoek om die implementering van NGV, in die lig van die knellende tekort aan dokters, te heroorweeg.**

**In 2022 is AfriForum se geveg voortgesit met 'n mondelinge voorlegging wat in die parlement gelewer is en vanjaar is die stryd na provinsiale vlak geneem waar AfriForum weer by openbare verhore die haalbaarheid van dié gewraakte wetsontwerp betwis het.**

**Intussen sit dié burgerregte-organisasie die stryd voort. Die wetsontwerp moet nou deur die NRP oorweeg word, maar dit is beslis nog nie die einde van die pad nie. Besoek www.jougesondheid.co.za om op hoogte te bly van die jongste verwikkelinge in dié verband en om jou stem teen NGV te laat hoor.**

# AfriForum Sakenetwerk wys 7de *Entrepreneur van die Jaar* aan

Deur Carina Bester | Foto's: Okay Deer

Danie Rossouw, eienaar van The Butcher & Son in Somerset-Wes, is as AfriForum Sakenetwerk se Entrepreneur van die Jaar vir 2023 aangewys. Sedert AfriForum Sakenetwerk dié kompetisie in 2017 begin het, is sewe entrepreneurs al met dié gesogte toekenning vereer.

Groot pryse was vanjaar op die spel en die kompetisie is in samewerking met Akademia, STEYN IP, Kwikstert, Acctiva Accounting, WoLK en Senbel aangebied. Rossouw het onder meer weggestap met R50 000 kontant, 'n handelsmerkpakket by Kwikstert en handelsmerkbeskerming van STEYN IP.

Vanjaar se beoordelaars was Lizette Volkwyn (meesterlewensafrigter, skrywer, internasionale spreker en meester- NLP-praktisyn en -afrigter), Amorie Blignaut (eksterne kontrakteur by Unisa), Tienie Ehlers (bestuurskonsultant), Lizel van der Westhuizen (eienaar van Full Circle Image Consulting) en Francois de Wet (bedryfsielkundige en stigter van Wamly, 'n video-onderhoudsplatform).

Rossouw vertel hulle het The Butcher & Son, 'n slaghuis, deli en koffiewinkel, begin om 'n nalatenskap vir hul seuntjie te los. "Ek het ondervinding as 'n slagter hier in Suid-Afrika en oorsee opgedoen. Ons het toe besluit om alles te verkoop en 'n slaghuis te begin, om hard te werk en 'n sukses daarvan te maak."

Sy raad aan ander entrepreneurs is om diens hoog op prys te stel. Hy sê diens is iets wat 'n mens nie meer baie in Suid-Afrika kry nie en dat dit jou kliënte spesiaal laat voel. Hierdie entrepreneur droom groot en hulle is reeds besig om hul onderneming verder uit te brei.

> **"Ons het hierdie kompetisie begin om ondernemings aan te moedig ...**

Meer as 350 mense het sedert 2017 vir AfriForum Sakenetwerk se Entrepreneur van die Jaar-kompetisie ingeskryf.

"Ons het hierdie kompetisie begin om ondernemings aan te moedig om in hul gemeenskappe en netwerke 'n verskil te maak. Ons moedig ook ander entrepreneurs aan om aanstaande jaar deel te neem om deel van hierdie entrepreneursnetwerk te word en om te kyk wat vanjaar se entrepreneurs alles vermag," sê Sanderien van der Walt, bestuurder van AfriForum Sakenetwerk.

"Vir Akademia is dit weer eens 'n groot voorreg om deel te wees van dié kompetisie. Dit is regtig lekker om te sien hoe verskeie entrepreneurs vanuit hul gemeenskappe saamkom om met mekaar te netwerk en blootstelling aan hul ondernemings te gee. Entrepreneurskap is vir Akademia baie belangrik en ons wil dit graag bevorder," sê Mareli Swanepoel, bestuurder vir projekte by Akademia.




**Danie Rossouw**, vanjaar se Entrepreneur van die Jaar.



Vanjaar se beoordelaars: **Tienie Ehlers**, **Lizette Volkwyn**, **Lizel van der Westhuizen**, **Francois de Wet** en **Amorie Blignaut**.

## Rapport Tuindagboek

**R80** + koerierkoste

Een tydskrif met alles wat jy as Suid-Afrikaanse tuinier moet weet. 52 tuin-take met demonstrasievideo's.

**Plaas jou bestelling by cornette.zietsman@media24.com**




## Rapport 30 Beste Bokke




Wie is die beste Springbok van die moderne era?

**Beskikbaar in boekwinkels en aanlyn.**

## Beeld Kalender

**R150** + koerierkoste

Saamgestel met *Beeld*-lesers se pragfoto's.

**Plaas jou bestelling by bestellings@beeld.com**







## TEKEN SO IN:

**Rapport DIE BURGER Beeld**

Skakel: **087 353 1300**

WhatsApp: **087 353 1333**

E-pos: **intekenare@media24.com**

SMS: **"INTEKEN" na 31069**

# Sky Lodge: Bosveldparadys 'n hanetree uit die stad

Promosie-artikel

Het jy al die asemrowende uitsig vanaf die heuwels van die Magaliesberg gesien? Maak dan 'n plan en besoek Sky Lodge in De Rust, Hartbeespoort (Noordwes). AfriForum-lede kwalifiseer vir 25%-korting by Sky Lodge en kan besprekings direk op die lodge se webtuiste doen. Gebruik die promosiekode (**AFRIFORUM25**) om vir dié spesiale aanbod te kwalifiseer.

Sky Lodge se drie privaat lodges kan tot 40 gaste akkommodeer. Sunset Private Lodge (geskik vir tot agt gaste wat deel), Red Sky Private Lodge (vir tot 14 gaste wat deel) en Blue Sky Lodge (vir tot 18 gaste wat deel) beskik elk oor 'n groot klipkaggel, 'n slimtelevisie met Netflix-toegang, Wi-Fi in die leefarea, lugversorging in drie slaapkamers, 'n privaat swembad én 'n boma wat oor die Hartbeespoortdam en die groen vallei uitkyk.

Al drie lodges is ten volle toegeruste selfsorgeenhede met 'n daaglikse skoonmaakdiens (Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit). Eetgerei, breekware, linne en badhanddoeke word voorsien, maar gaste word versoek om hul eie swemhanddoeke te bring. Sky Lodge se behulpsame diensbestuurders, Robert en Caroline, is voltyds op die perseel en beskikbaar om na gaste se behoeftes om te sien.

By Sky Lodge kan gaste maar gerus wees en die gemaal van die stad se gejaag én ewige beurtkrag vergeet. Volgens Mike Fikkert, Sky Lodge se eienaar, is daar vanjaar in 'n nuwe sonkragstelsel by die lodge belê. Danksy hierdie inisiatief het al drie die lodges nou hul eie sonkragrugsteunstelsels. Gaste se veiligheid is net so belangrik en daarom is 'n sekuriteitswag en 'n gewapende reaksie-eenheid snags beskikbaar om die veiligheid van gaste by hierdie stukkie paradys te verseker.

Sky Lodge se toerismegradering is Fikkert se trots. Met rede, want hierdie wegbreekplek het 'n vierstergradering by die Toerismegraderingsraad van Suid-Afrika (TGRSA) gekry. Die lodge spog voorts ook met verskeie Travellers' Choice-toekennings van Tripadvisor, die vooraanstaande toerismeresensiewebtuiste.


Sky Lodge is die ideale venue vir 'n gesinswegbreek met fasiliteite vir 'n verskeidenheid buitelugaktiwiteite, insluitend boogskiet, stap en bergfietsry in die kloof en omliggende berge op die plaas. Die jongspan kan baljaar op die klouterraam, terwyl jonk én oud die swembad en sondek by elk van die privaat lodges sal geniet. Sky Lodge se eie snoepwinkel verkoop hout, ys, water en koeldranke vir gaste se gerief.

Sky Lodge is binne 'n uur se bereik vanaf Johannesburg en Pretoria en net 'n paar minute weg van talle bekende toeriste-aantreklikhede in en om Hartbeespoort, insluitend die Pecanwood-gholfbaan, die Hartbeespoort-kabelspoor en -kabelglybaan (Engels: zipline), Van Gaalen-kaasplaas, die aarbeiplaas en die leeu-en-safaripark. Die Hartbeespoortvallei beskik boonop oor van die beste bergfietsroetes in die land en die meeste van die groot bergfietsrenne wat by Van Gaalen afskop, se roetes kronkel verby die lodge se hoofingang.

Die Sky Lodge-familie nooi alle AfriForum-lede uit om die natuurskoon en rustige atmosfeer van die Hartbeespoortvallei in volle glorie te kom beleef. Besoek www.skylodge.co.za vir meer inligting of om 'n bespreking te maak, of skakel Mike Fikkert op weeksdae tussen 09:00 en 17:00 by **082 903 3013** of stuur 'n e-pos na **skylodge@mweb.co.za**.







DREAM
HOTELS & RESORTS

# *Hoëveld, bosveld, berge of see ...*

Geniet 'n **welverdiende blaaskans** hierdie **Desember**!



**Olifants River Lodge**



**Finfoot Lake Reserve**



**Little Switzerland Resort**



**Blue Marlin Hotel**

**AfriForum-lede** kwalifiseer vir **25%-korting** by hierdie oorde.

AfriForum

Bespreek vir voldiens- of selfsorgopsies by
**0861 010 347** of **reservations@dreamresorts.co.za**.
**www.dreamresorts.co.za**
(B's en V's geld.)



# Cholera: Die dood in ons drinkwater

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Carina Bester

In Mei 2023 bars die bom en die eerste geval van cholera in Hammanskraal, noord van Pretoria, word aangemeld. In die weke wat daarop volg, word Suid-Afrika vasgevang in 'n greep van vrees vir die dood wat in die drinkwater skuil. Hoewel die Hammanskraal-voorvalle nie die eerste gevalle van cholera is wat hierdie jaar in Suid-Afrika aangemeld is nie, word dié dig bewoonde gebied binne slegs enkele dae die episentrum van 'n amptelike uitbreking van dié gevreesde bakteriese siekte.

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) is daar sedert Februarie tot einde Julie vanjaar 1 380 gevalle van cholera (waarvan 199 deur laboratoriums bevestig is) in Suid-Afrika aangemeld. 'n Totaal van 47 sterftes is in dié tyd aangeteken. Die vorige groot cholera-uitbreking het in Augustus 2000 begin. Binne 'n jaar is meer as 106 000 mense besmet en 229 dood.

Die Verenigde Nasies se Kinderfonds (Unicef) het onlangs gesê dat vanjaar se uitbreking die "kritieke noodsaaklikheid van 'n belegging in water-, sanitasie- en higiënestelsels herbevestig". Dié organisasie voer voorts aan dat nagenoeg 97% van choleragevalle wat vanaf 2010 tot 2021 wêreldwyd aangeteken is, voorgekom het in lande met die swakste water- en sanitasiedienste en waarsku dat die risiko van choleragevalle eksponensieel toeneem in gevalle waar water- en sanitasiestelsels gekompromitteer is.

Cholera se voorkoms veroorsaak wêreldwyd kommer, maar dit is veral onontwikkelde lande wat die swaarste onder die las daarvan gebuk gaan. Die Europese sentrum vir siektevoorkoming-en-beheer (ECDC), wat die voorkoms van cholera wêreldwyd monitor, het aan die einde van September aangekondig dat daar internasionaal van 1 Januarie tot 25 September vanjaar reeds meer as 723 000 gevalle van cholera en 914 sterftes aangeteken is.

> **Cholera se voorkoms veroorsaak wêreldwyd kommer, maar dit is veral onontwikkelde lande wat die swaarste onder die las daarvan gebuk gaan.**

Suid-Afrika bevind homself boonop in twyfelagtige geselskap met lande soos Afghanistan, Kameroen, die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), Haiti en Ethiopië waar die hoogste aantal infeksies vanjaar aangemeld is.

AfriForum het intussen ook vroeër vanjaar gewaarsku dat verskeie punte langs die Vaalrivier positief getoets het vir cholera. Marais de Vaal, AfriForum-raadgewer vir Omgewingsake, beklemtoon: "Ongelukkig kan die cholera-uitbreking nie as 'n verrassing beskou word nie, want dit is bloot die simptoom van 'n stelsel wat verbrokkel."

## AfriForum se selfdoenaksies vir veilige water

AfriForum pak op sowel tak- as nasionale vlak verskeie aksies aan om gesonde watervoorsiening te verseker.

- **Waterpunte: AfriForum-takke het reeds verskeie noodwaterpunte opgerig om aan inwoners van plaaslike gemeenskappe skoon drinkwater te lewer in gevalle waar die krane leegloop of die watergehalte gesondheidsrisiko's inhou.**
- **Herstelwerk: Takke onderneem telkens die herstel van munisipale boorgate in krisistye om watervoorsiening te verbeter.**
- **Navorsing: AfriForum ondersoek die moontlikheid van onafhanklike oplossings tot die huidige waterprobleme en die privatisering van waterstelsels onder toesig van die staat as die beskermer van die land se waterbronne.**
- **Watertoetse: Die jaarlikse toetsing en oudit van drinkwater en rioolafvalwaterbehandelingswerke (RAWBW) vir die samestelling van 'n risiko-analise.**

# Só lyk SA se water

As deel van AfriForum se jaarlikse blou-en-groendruppelprojek word drinkwater en water van rioolafvalwaterbehandelingswerke in dorpe en stede waar AfriForum takke het, getoets, geoudit en 'n risiko-analise word uit die bevindinge saamgestel.

Vanjaar se toetse is in Augustus onderneem en het die teenwoordigheid of afwesigheid van verskeie chemiese en bakteriologiese komponente ondersoek. Die toetse bepaal onder meer die teenwoordigheid van die bakterie E. coli, wat diarree, naarheid, braking en selfs nierversaking tot gevolg kan hê, asook fekale kolivorme bakterieë, wat siektes soos ingewandkoors (oftewel buiktifus), leverontsteking en disenterie kan veroorsaak.

Volgens Marais de Vaal en Lambert de Klerk, samestellers van vanjaar se blou-en-groendruppelverslag, voldoen Suid-Afrika se drinkwater steeds in 'n groot mate aan die minimum vereistes. Uit die 193 toetse waarin drinkwater getoets is, is dit in slegs agt gevalle as onveilig vir menslike gebruik getoets.

Vanjaar se bevindinge oor die handhawing van die minimum standaarde vir rioolafvalwater, oftewel die groendruppeluitslae, is egter veral skokkend. "Slegs 19% van die verwerkte rioolwatermonsters het vanjaar aan die relevante standaarde voldoen, wat beteken dat die water wat rioolsuiweringsaanlegte in riviere stort in 'n kommerwekkende 81% van gevalle nie voldoende behandel is nie," sê De Vaal. AfriForum het vanjaar die uitvloei van 140 RAWBW'e getoets.

Hierdie uitslae is rede vir ernstige kommer oor die algehele toestand van die bestuur van die volledige watervoorsieningsketting in Suid-Afrika, meen De Vaal en De Klerk. Hoewel watertoetse net gedoen word op plekke waar AfriForum takke het, en die uitslae net geld ten opsigte van die tydstip waarop die watermonsters geneem is, skets die resultate ook 'n prentjie van hoe gesond of ongesond Suid-Afrika se water in die geheel is.

Aangesien dorpe landwyd in sowat 90% van die gevalle water onttrek uit watermassas waarin rioolaanlegte gesuiwerde riool stort, kan die wanbestuur van RAWBW'e 'n "bose kringloop" veroorsaak wat ook die gehalte van drinkwater kan beïnvloed, verduidelik De Klerk. Hy hou vol dat dit uiteindelik 'n reuse-invloed op die koste van drinkwater sal hê. "Ons betaal nog relatief min vir drinkwater, maar dit gaan al hoe duurder word om water te suiwer en daarom gaan die prys van drinkwater styg." Hy waarsku ook dat indien die regering nie nou drasties toetree om die wanbestuur van RAWBW'e te pak nie, gaan aanlegte se beheer en bestuur verbrokkel en kan dit lei tot lewensgevaarlike situasies soos wat vroeër vanjaar met die cholera-uitbreking die geval was.

## BLOUDRUPPELUITSLAE


Toetse gedoen op: Drinkwater
Aantal dorpe/stede getoets: 193
Nasionale uitslag: 96% van drinkwater is veilig

Provinsies met 100%-veiligheid: Limpopo, Noordwes, Noord-Kaap, Oos-Kaap, Wes-Kaap en Gauteng

**Aantal veilige drinkwatertoetse teenoor aantal drinkwatertoetspunte**
(volgens toetse in Augustus 2023):

**Onveilige drinkwater**
Dorpe met onveilige drinkwater
(volgens toetse in Augustus 2023):

- **Mpumalanga**
  - Amersfoort
  - Barberton
  - Breyten
  - Morgenzon
  - Sabie
- **Vrystaat**
  - Parys
  - Koppies
- **KwaZulu-Natal**
  - Vryheid




## GROENDRUPPELUITSLAE


Toetse gedoen op: Water by rioolafvalwaterbehandelingswerke (RAWBW'e)

Aantal aanlegte getoets: 140
Nasionale uitslag: 19% voldoen aan minimum standaarde

**Aantal onbesoedelde aanlegte teenoor aantal aanlegte getoets**
(volgens toetse in Augustus 2023):

**Hoërisikogebiede**
Provinsies waarby alle aanlegte onder standaard getoets het en dus as "besoedeld" gelys word in verslag:

- **Oos-Kaap**
- **Vrystaat**





# Ernst Roets groet AfriForum

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Reint Dykema, Marthinus Koekemoer en AfriForum-argief

*Hy sit gemaklik terug in sy stoel. Hierdie man wat die afgelope sowat 12 jaar een van die bekendste gesigte in AfriForum se gevegte was, praat opgewonde oor sy loopbaan by dié organisasie. AfriForum is per slot van sake deel van hom, erken hy. Dit is juis daarom dat sy skuif na die Solidariteit Beweging as hoof van Beleid en Strategie vir hom so gewigtig was. Dit is Maandag 2 Oktober 2023 en die eerste dag in hierdie nuwe hoofstuk in Ernst Roets se lewe – 'n hoofstuk in 'n boek wat jare gelede reeds begin is.*



## VERGEET VAN TOEVAL

As jy hierdie 38-jarige man vra oor sy grootwordjare – eers in Pretoria en toe in Tzaneen – en hoe dit hom gevorm en gelei het om die man te wees wat rooipette vreesloos die stryd aansê, begin hy by die begin. Die héél begin.

Soos 'n legende word die lotswanger dag van die Kerkstraatbom in die Roets-familie oorvertel, want sien, daardie dag in Mei 1983 het albei sy ouers die dood rakelings gemis. Sy pa, 'n weermagman, het in die gebou reg langsaan die kantoor van die eintlike teiken (die Lugmag) gewerk en sy ma het klokslag elke dag in die voorportaal van sy werkplek gaan wag sodat die jong gesin saam kon huis toe ry. Daardie dag het iets voorgeval. Sy ma moes ander draaie ry. Dit was spitstyd en die Pretoriase middestad was aan die woel huis toe. Roets se pa was reeds op pad uit toe hy skielik onthou van iets wat hy in sy kantoor moes gaan doen. Hy is terug in die hysbak en was skaars in sy kantoor toe skokgolwe deur die gebou ruk. Negentien mense is dood daardie dag en meer as 200 beseer. Sy ouers is albei gespaar.

Was dit die noodlot? Nee, erken Roets. Dit is deel van 'n groter plan en nagenoeg twee jaar later, te midde van die onsekere tye wat die 1980's gekenmerk het, is 'n nuwe baba vir die Roets-gesin gebore. Ernst Alex Roets – vernoem na sy Duitse Afrikaner-oupagrootjie van Ceylon – is in die skadu van die Voortrekkermonument gebore. Of dit is hoe hy dit vertel, want eintlik het hy sy eerste lewenslig by 1 Militêre Hospitaal, op die destydse Voortrekkerhoogte, aanskou. Kort daarna verhuis die gesin na 'n plek van teenstrydighede. Tzaneen, die land van veselperskes, avokado's, Magoebaskloof met sy reënwoud en watervalle, oupa, die plaas, plaasaanvalle en donker nagte vol vrees.

## TZANEEN SE WÊRELD

Vir sommige mense kom die gewaarwording van 'n lewensdoel dalk stadig. Vir ander nooit nie. Vir Roets was dit iets wat hy byna instinktief geweet het. In 2003, teen die einde van sy matriekjaar, was die idee reeds gevestig in sy kop. Tzaneen se wêreld het hom gevorm. Die mooi en die wreedheid van daardie stuk hemel op aarde was nog altyd 'n anker. Dit het sy toekomsplan, wat hy nou skamerig erken dalk cliché mag klink, dringend gemaak. "Ek het geweet ek wil die volk red," bieg hy.

Sy ouerhuis was nie besonder polities georiënteer nie. Hulle was veel eerder aktiewe kultuurmense. "Ek het gedink dit is normaal, maar het eers later agtergekom dit is nie so normaal nie," bieg hy as hy vertel oor hul gesin se gesprekke om die etenstafel. Hier is kerksake bespreek. Daar is gepraat oor "die oorlog" en ander gebeure in die geskiedenis. Dit is hier waar sy liefde vir die Afrikanerkultuur ontkiem het.

En terwyl Suid-Afrika deur haar metamorfose gegaan het, het Roets intieme kennis gemaak met die wreedheid van plaasmoorde wat soveel nabye vriende en familie in die Tzaneen-omgewing getref het. Hy noem die een na die ander op. 'n Skoolvriend is vermoor. 'n Tannie van die kerk se keel is afgesny. 'n Oom van die kerk is verlam gelaat nadat hy in die rug geskiet is. En in die nagte op Oupa se plaas was Roets ook bang, want hierdie mooi wêreld het haar donker kant gehad.

> **“Vir sommige mense kom die gewaarwording van 'n lewensdoel dalk stadig. Vir ander nooit nie.**

Skaars 200 km noord van die Roetse in Tzaneen het daar in Zimbabwe ook 'n storm gewoed. Wit boere is die een na die ander van hul plase verjaag. Ook dié gebeure is om die etenstafel beredeneer en het Roets intens bewus gemaak van die gevare wat dieselfde optrede vir Suid-Afrikaanse boere kon inhou.

>>




**Ernst Roets** se kleurryke loopbaan by AfriForum het dikwels ook gefokus op die sake wat hom baie na aan die hart lê – soos plaasmoorde en die beskerming van die Afrikaner se kultuur in onder meer pleknaame.

## TUKKIES TOE!

Met 'n tas vol klere, 'n kop vol planne en 'n hart vol empatie vir die lot van boere én die Afrikaner, het Roets in 2004 sy regstudies in die Jakarandastad begin. Nie omdat hy 'n prokureur wou word nie, erken hy dadelik.

Op sy eerste dag op kampus het Roets reeds sy soektog begin na organisasies waarby hy kon aansluit. Die kultuuraksies het hom gelok. En kort voor lank skryf hy, aanvanklik anoniem, vir die "doelbewus omstrede" en "ondergrondse" studenteblad *Dexter*. Die taaldebat het toe al gebroei op die Tukkies-kampus en in die blaaie van *Dexter* is die "vyande van Afrikaans" spreekwoordelik geteer en geveer.

Studentekultuuraksies en -politiek, waaraan hyself ook 'n jaar lank aktief deelgeneem het as studenteraadslid vir die Vryheidsfront (VF), het sy studentedae oorheers. Akademie het tweede viool gespeel. Vakke is "gesleep" en eksamens is "geher" (studentesleng vir vakke wat oorgedoen en eksamens wat oorgeskryf moet word) en te midde van dit als het Roets sy roeping gevind en aktief vir die Afrikaner begin veg.

## ROETS, PRETORIA EN DIE HOND

In 2005 neem Roets deel aan 'n reuseoptog wat Solidariteit vanaf Kerkplein na die Uniegebou vir die behoud van Pretoria se naam aanpak. Geklee as die vakbond se gelukbringer, 'n reusagtige hond genaamd Rocco, veg Roets daardie dag die stryd om behoud van dié hoofstad se naam.

Dit is 'n stryd wat hy jare later ook in sy hoedanigheid by AfriForum voortgesit het. Toe reeds het hy as 't ware deel geword van die Solidariteit Beweging-familie. Eers as ondervoorsitter van die nuutgestigte Solidariteit Jeug UP (AfriForum se huidige hoof van Interkulturele Samewerking en Verhoudings, Barend Uys, was toe die voorsitter), later as voorsitter en daarna as voorsitter van AfriForum Jeug.

> **Op sy eerste dag op kampus het Roets reeds sy soektog begin na organisasies waarby hy kon aansluit.**

## EEN DOSYN AFRIFORUM-JARE

As 25-jarige met 'n LLB-graad en jare se ervaring as kampvegter vir Afrikanerstudente agter sy naam, word Roets in 2011 aangestel as adjunk- uitvoerende hoof van AfriForum. In dié vroeë jare van die toe nog jong burgerregteorganisasie is daar baie "gangbesluite" (oftewel vinnige besluite) gemaak, poetse is tussen kollegas gebak en daar is hard geveg.

In dié jare het Roets dikwels die stryd aangesê teen die opruiende uitsprake van die toenmalige leier van die ANC Jeugliga en die latere leier van die EFF, Julius Malema. Malema se sing van die dreunsang "Kill the Boer" het selfs op 'n uitgerekte hofsaak uitgeloop waarin AfriForum, met Roets aan die voorpunt, die sing van dié lied tot haatspraak wil verklaar (die Hoogste Hof van Appèl het in September vanjaar uitspraak voorbehou in dié saak).

Roets se dosyn AfriForum-jare was produktiewe jare. Sy boek *Kill the Boer: Government complicity in South Africa's brutal farm murders* het in 2018 die lig gesien. Verskeie omstrede dokumentêre, insluitend *Tainted heroes*, het ook verskyn.

Roets was in sy tyd by AfriForum bekend daarvoor dat hy die ongemaklike vrae op selfs meer ongemaklike wyses gevra het. Sou hy dinge anders wou doen? Hy kon dalk dinge anders gestel het, dit erken Roets nou, maar as hy die kans kon kry om dit oor te doen, sou hy steeds gestaan het by sy standpunte.

## NUWE GELEENTHEDE

Sy nuwe kantoor in die Solidariteit-gebou in Kloofsig is op hierdie dag nog deurmekaar. Stapels boeke staan oral rond en vertel iets van hierdie dinamiese man: Die introvert wat eerder stilbly langs die braaivleisvuur, maar al deur sy teenstanders uitgekryt is as 'n bombastiese persoon. Die man wat al telkens luid moes veg vir Afrikaners, en tog die stilte van familietyd en 'n boek verkies.

Ernst Roets se verhaal is nog lank nie klaar geskryf nie. Die geveg is nog nie verby nie en vir die Afrikaner gaan hy – hoewel onder 'n nuwe vaandel by die Solidariteit Beweging en onder leiding van Flip Buys – steeds aanhou veg én bou. Die fokus op federalisme en dus die #OnsSalSelf-strategie vir die Afrikaner gaan volstoom voort. Die seun van Tzaneen se ideaal om "die volk te red" is nog goed op dreef.



**Ernst Roets** tydens Julius Malema se haatspraakhofsaak in Februarie 2022.



**Ernst Roets** en sy vrou, **Lelanie**, in 2012 tydens 'n optog teen plaasmoorde.



Die wenspan van 2023 se Dink of Sink-universiteits-kompetisie was Studenteplein (US). Hier is die span (v.l.n.r. **Adriaan van Wyk, Chris Briel, Henri van der Westhuizen** en **Ernst Pieterse**) saam met **Nicolene Müller**, AfriForum se projekkoördineerder, ná afloop van die kompetisie.

# AfriForum se Dink of Sink-debatskompetisies 2023

Deur Alana Bailey – hoof van Kultuursake by AfriForum | Foto's: Marthinus Koekemoer en Alden van Heerden

Dink of Sink is die naam van onvoorbereide debatskompetisies met 'n unieke aanslag. AfriForum het meer as 'n dekade gelede by só 'n kompetisie vir hoërskole in die Vrystaat betrokke geraak. Dit is deur die dagblad *Volksblad* aangebied. Mettertyd het AfriForum onder leiding van Carien Bloem 'n nasionale kompetisie vir hoërskole geskep en sedert 2017 in samewerking met die voormalige organisasie Agenda, ook een vir universiteitstudente. Tans is Nicolene Müller die projekkoördineerder van dié kompetisies en stel ons ook vanaf 2024 'n formaat vir laerskoolleerders in die vooruitsig. Meer inligting is op die webtuiste **www.dinkofsink.co.za** beskikbaar.

## Formaat

Geen voorbereiding is nodig nie, buiten dat deelnemers woordvaardig moet wees en kennis oor aktuele sake moet hê. Opponerende spanne werp die lot, waarna die wenners kan besluit of hulle vír of téén die onderwerp wil wees, en eers dan word die onderwerp bekendgemaak. Hoërskoolleerders kry vyf minute om voor te berei en studente 'n uur, waarna die debat begin. Omdat hierdie aanslag deelnemers dwing om op hul voete te dink en hul argumente met selfvertroue en kundigheid te motiveer, beskou AfriForum dit as ideale voorbereiding vir jongmense om ook in die toekoms standpunt te kan inneem op enige persoonlike of beroepsterrein. Ons hoop dat al meer deelnemers in die toekoms hierby betrokke sal raak – dit bied ook opwindende pryse en die geleentheid aan almal om nuwe vriende te maak!

## Dink of Sink-skolekompetisie 2023

In 2023 het vyf streeksuitdunne die finale nasionale kompetisie voorafgegaan. Dit het plaasgevind by Merensky Landbou Akademie in Tzaneen (verre noordstreek), Hoërskool Montana in Pretoria (noordstreek), C&N Sekondêre Meisieskool Oranje in Bloemfontein (sentraalstreek), Hoërskool D.F. Malan in Kaapstad (suidstreek) en Hoërskool Framesby in Port Elizabeth (oosstreek).

Op 7 Oktober 2023 het die nasionale eindstryd in Centurion plaasgevind. Die Hoërskool Durbanville het met die titel as junior wenspan weggestap en die span van die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria met dié in die kategorie vir senior hoërskoolspanne.

## Dink of Sink-universiteitskompetisie 2023

In die sewende bestaansjaar van die kompetisie is die formaat aangepas om aan meer studente die geleentheid te bied om deel te neem. Uitdunne is op kampusse gehou, waarna die beste span van elke instelling op 30 September 2023 by Akademia se Leriba-koshuis in Centurion om die kroon as wenspan meegeding het.

Vanjaar het Studenteplein van die Universiteit Stellenbosch (US), die Universiteit van Pretoria (UP), die Noordwes-Universiteit (NWU) en Akademia deelgeneem. Die wenners was die span van Studenteplein, met die vier mans van NWU in die tweede plek. Die vyf beoordelaars – adv. Phyllis Vorster, dr. Gustav von Bratt, Natasha Venter, Willie Spies en AfriForum se Kallie Kriel – was dit eens dat dit 'n uitnemende debat was, met minder as 1% verskil tussen die spanne se finale punte.

Dit was pure plesier om te sien dat die finaliste heelwat deelnemers ingesluit het wat al sedert hoërskoolvlak aan Dink of Sink deelneem!



Die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria se **Ignus Ferreira**, **Wian van Rooyen** en **Naudé Lourens** het met die louere weggestap as senior wenners van die skolekompetisie.



Die tweeling **Angelique** en **Genevive Myburgh** en hul spanmaat **Lenae le Roux** (middel) van die Hoërskool Durbanville was die junior wenners van die skolekompetisie.

# Vyf feite oor SA se rasmal universiteite

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Maree van den Berg




**Maree van den Berg**, lid van AfriForum Jeug se Tuks-tak.

'n Verslag deur AfriForum Jeug, wat in September vrygestel is, toon die harde werklikheid wat openbare universiteite met mag en mening wil ontken – elkeen van dié 26 instellings landwyd is deurdrenk met rassediskriminasie. Só lyk die feite van rasbeheptheid wat tans by universiteite die septer swaai en hierdie instellings se skynbare verbintenis tot nierassigheid en gelykheid afwater tot leë beloftes.

**FEIT 1: Álle universiteite vereis rasseklassifikasie in aansoeke**

As jy vandag wil aansoek doen om aan enige van Suid-Afrika se openbare universiteite te studeer, wees gereed, want die kleur van jou vel is skynbaar een van dié belangrikste elemente van jou aansoek. En indien jy (om watter rede ook al) besluit om die klassifikasie van jou ras in jou aansoek uit te laat, is die kans groot dat jou aansoek uitgegooi gaan word.

**FEIT 2: Studente se sit én staan word deur rassebeleide bepaal**

Hoewel openbare universiteite onder meer gelykheid, respek en billikheid as waardes nastreef, blyk dit asof dié waardes net op sekere studente van toepassing is en studente se doen en late op elke denkbare vlak deur 'n horde rassebeleide beheer word. By die Universiteit Stellenbosch (US) geld 17 verskillende rassebeleide, terwyl 15 by die Noordwes-Universiteit (NWU) toegepas word en 10 by die Universiteit van Pretoria (UP).

**FEIT 3: Hoe ligter, hoe minder**

Hoe ligter jou vel, hoe minder kan jy verwag om in aanmerking vir beurse te kom. Dit is jare reeds 'n realiteit, maar die wyse waarop daar op grond van ras teen wit studente gediskrimineer word, word oënskynlik by die dag meer blatant. By die Universiteit van KwaZulu-Natal (UKZN) het 'n advertensie vir nagraadse studente dit duidelik gestel – hoe ligter, hoe minder. Suid-Afrikaanse meesters- en doktorale studente is uitgenooi om aansoek te doen vir beurse, maar ingelig dat swart studente R60 000 en R120 000 vir onderskeidelik meesters- en doktorale studies kan ontvang, terwyl Suid-Afrikaners van ander rasse net in aanmerking kan kom vir beurse ter waarde van onderskeidelik R45 000 en R80 000. Swart studente kan dus nagenoeg 29% en 40% groter beurse as wit studente verwag.

**FEIT 4: Jou ma én pa kan jou aansoek maak of breek**

Dit wil voorkom asof openbare universiteite die woord "meriete" uit hul woordeskat verwyder het, want by een universiteit, die Universiteit van Kaapstad (UK), sal jou ma en pa se rasseklassifikasie tydens apartheid ook punte tel. Onder die sogenaamde "herstelkategorie" (oftewel "redress category" soos dit deur die universiteit gestel is) kan aansoekers hul aansoeke hiermee 'n unieke herstel-die-verlede-apartheidskleur gee.

> **"Dit wil voorkom asof openbare universiteite die woord "meriete" uit hul woordeskat verwyder het.**

**FEIT 5: Wit is maar net wit**

Die klassifikasie van ras by openbare universiteite volg merendeels die resep van die Suid-Afrikaanse regering en onderskei tussen Afrikaan, bruin, Indiër en wit. Die Nelson Mandela Universiteit (NMU), daarenteen, onderskei tussen 17 verskillende rasse of kultuurgroepe, naamlik Afrikaan, Asiaties, Chinees, bruin, Indiër, Japannees, Ndebele, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Swati, Tsonga, Tswana, Venda, wit, Xhosa, Zoeloe en 'n kategorie wat bloot as "ander" gelys is. Hoewel daar in NMU se aansoekproses ruimte gemaak word vir 'n see van kulture, is daar nie sprake van onderskeid tussen kulture wat onder wit mense kan voorkom nie.

# BO-KAROO
OPLEIDING

## *Waar jy vry, veilig en voorspoedig*

# VIR JOU 'N TOEKOMS KAN SKEP!

Bo-Karoo Opleiding (BKO) bied die ideale geleentheid om ŉ nasionaal geakkrediteerde kwalifikasie in ŉ goed gestruktureerde landelike omgewing te verwerf. Hier verwerf studente nie net ŉ kwalifikasie nie, hulle word gevorm om as roepinggedrewe volwassenes die arbeidsmark te betree - stewig gegrond in hulle geloof en kultuur, besig om 'n hoopvolle toekoms te skep!

Bo-Karoo Opleiding bied 'n unieke studentelewe wat onskatbare waarde in hou vir studente. Studente word aangemoedig en ondersteun om hul passies uit te leef buite die klaskamer, nuwe idees te verken en hulself te ontwikkel as holistiese individue deur deelname aan geloof, sport, kultuur en sosiale aktiwiteite. Binne ons leierskapstrukture tree studente ook in verbinding met belangrike rolspelers, wat 'n betekenisvolle wisselwerking tussen die kampus en die gemeenskap moontlik maak. BKO se unieke studentelewe maak dit 'n voorkeur bestemming vir studente wat 'n vry, betekenisvolle en uitdagende studente-ervaring wil hê, wat hul pad sal voorberei vir 'n hoopvolle toekoms gerig op die vryheidsideaal.

Skandeer die QR-kode vir inskrywing

Tel: 053 110 0620 || WhatsApp: 061 768 1852

Epos: ontvangs@bokarooopleiding.co.za || CVO-Rylaan 1, Kleingeluk, Orania

www.bokarooopleiding.co.za




**Andries Opperman** tydens AfriForum se nasionale massapatrollie wat in Oktober gehou is. Pretoria se buurtwagte het dié patrollie by die Voortrekkermonument afgeskop. Selfdoenaksies soos hierdie wys hoe gemeenskappe reeds op grondvlak self verantwoordelikheid vir hul gemeenskap se veiligheid neem.

# Desentralisasie kán SA uit misdaadkrisis red

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Reint Dykema en Marthinus Koekemoer

Suid-Afrika, met sy nagenoeg 1,2 miljoen km², is groot. Regtig groot. Dit is meer as twee keer die grootte van Frankryk of vyf keer die grootte van die Verenigde Koninkryk (VK). Dit is min of meer die grootte van al vyf Noorse lande – Denemarke, Finland, Ysland, Noorweë én Swede. Ten spyte daarvan dat dié lap aarde aan die suidpunt van Afrika, waar daar volgens die jongste sensusdata reeds meer as 62 miljoen mense woon, so enorm is, is die sentralisering van mag op elke denkbare wyse die norm.

Hoewel die omvang van Suid-Afrika se grondgebied lande soos die VK, Swede en Switserland verdwerg, volg dié lande in die algemeen 'n sterk gedesentraliseerde benadering ten opsigte van regeringsake. 'n Gedesentraliseerde polisiemag vorm 'n belangrike deel van dié lande se aanslag.

In Suid-Afrika lyk die situasie egter veel anders. In dié land met sy uitgestrekte aarde, uiteenlopende mense én menigte probleme ten opsigte van misdaad, klink die sentralisering van mag in die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) absurd.

'n Onlangse studie, saamgestel deur AfriForum-navorser Johan Nortjé, toon dat misdaadsyfers in Suid-Afrika die dringendheid van die afwenteling van polisiemag beklemtoon. Suid-Afrika se enkele – en dus sentraal beheerde – polisiemag, die SAPD, funksioneer wel op stasievlak in die gemeenskappe wat hulle bedien.

Tog kom die opdragte en die strategie uit die knus armstoel van 'n handjievol besluitnemers in Pretoria.

Suid-Afrika beskik in naam oor 'n sogenaamde kwasi-federale regeringsmodel wat op drie vlakke – naamlik nasionale, provinsiale en plaaslike vlak – funksioneer. Tog het die regering 'n sterk sentrale houvas op instellings in die regering. "Die afgewaterde

> **"Die afgewaterde besluitnemingsmag van plaaslike en provinsiale regering beteken dat nasionale regering in werklikheid die septer swaai.**



**Johan Nortjé**, AfriForum-navorser en samesteller van AfriForum se verslag oor die desentralisasie van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).

besluitnemingsmag van plaaslike en provinsiale regering beteken dat nasionale regering in werklikheid die septer swaai," verduidelik Nortjé.

Dit is ook waar vir die SAPD, verduidelik hy, want hoewel Suid-Afrika se provinsies kragtens die Grondwet noemenswaardige wetgewende en uitvoerende mag het, het dit geen seggenskap oor die SAPD nie. Voorts kan die plaaslike SAPD in hul dag-tot-dag take onafhanklik funksioneer mits dit belyn is met nasionale polisiebeleide.

"Die SAPD is 'n burokratiese ondier met 'n sterk hiërargie en rigiede prosesse wat uiteindelik die aanpasbaarheid, vinnige besluitneming en dringende optrede wat van 'n doeltreffende polisiemag vereis word, versmoor," meen Nortjé.

Dit is juis hierdie sentralistiese lompheid wat ook misdaad, die een ding wat die polisie juis moet bekamp, laat floreer. Nortjé se navorsing toon onder meer dat Suid-Afrika op plaaslike vlak met veelsoortige tipe misdade, modus operandi en oorsake van misdade te make het en derhalwe 'n pasgemaakte streeksgebonde strategie vir misdaadbekamping moet implementeer. "Die voorkoms van misdaad in Suid-Afrika is kompleks en word deur verskeie maatskaplike, ekonomiese en geografiese faktore beïnvloed. 'n Ontleding van misdaad hier toon dat die aansienlike verskille in misdaadvlakke oor provinsies en munisipaliteite en distriksmunisipaliteite heen elk 'n unieke aanslag in die bekamping van dié misdade verg," verduidelik hy.

**OM TE SKEI OF NIE TE SKEI NIE ...**

Om mag te verdeel is iets waaraan die regerende party moeilik kou. Die sentralisering van mag is tog jarelank reeds in die DNS van die ANC geprogrammeer. Hoewel elke land sy eie uitdagings het en misdaadvlakke deur verskeie faktore beïnvloed word, is dit tog goed om die suksesse én mislukkings van ander lande se sentralisering en desentralisering te oorweeg.

Suid-Afrika, Brittanje, Japan, Nederland en die VSA verskil op verskeie vlakke ten opsigte van misdaad. Die vlak van sentralisasie wat by elkeen van hierdie lande voorkom kan egter 'n belangrike rol in die bekamping van misdaad speel en is volgens AfriForum 'n saak wat vir die Suid-Afrikaanse omstandighede beslis oorweeg moet word aangesien die huidige struktuur onder meer administratiewe struikelblokke en vertraagde besluitneming veroorsaak en die polisie se vermoë om hul werk te doen, kniehalter.



**SUID-AFRIKA**
Grondgebied: 1,2 miljoen km²
Bevolking: 62 miljoen
Aantal polisiebeamptes: 176 180
Moorde per 100 000 mense: 41,86
Vertroue in die polisie: 16%
Vlak van polisiesentralisasie:



**BRITTANJE**
Grondgebied: 241 930 km²
Bevolking: 67,8 miljoen
Aantal polisiebeamptes: 164 000
Moorde per 100 000 mense: 1,004
Vertroue in die polisie: 44%
Vlak van polisiesentralisasie: 0,6



**JAPAN**
Grondgebied: 364 485 km²
Bevolking: 123,1 miljoen
Aantal polisiebeamptes: 262 000
Moorde per 100 000 mense: 0,229
Vertroue in die polisie: 31%
Vlak van polisiesentralisasie: 0,67



**NEDERLAND**
Grondgebied: 33 893 km²
Bevolking: 17,9 miljoen
Aantal polisiebeamptes: 50 400
Moorde per 100 000 mense: 0,651
Vertroue in die polisie: 58%
Vlak van polisiesentralisasie: 0,67



**VSA**
Grondgebied: 9 833 517 km²
Bevolking: 340,5 miljoen
Aantal polisiebeamptes: 825 000
Moorde per 100 000 mense: 6,8
Vertroue in die polisie: 41%
Vlak van polisiesentralisasie: 1

**SENTRALISASIE: HIER LÊ DIE VERSKILLE**

**Gesentraliseerd** – Stelsel waar 'n nasionale polisiëringsagentskap ten volle sentraal bestuur oor 'n landwye polisienetwerk toepas en onbeperkte jurisdiksie het.

**Semigesentraliseerd** – Federale polisiestelsel waar die verantwoordelikheid vir wet en orde by die onderskeie provinsiale/staatsregerings berus en die operasionele beheer en bestuur van polisiëringsagentskappe by sowel die sentrale as die onderskeie provinsiale/staatsregerings berus.

**Gedesentraliseerd** – Stelsel waar die instandhouding van sowel wet en orde as die operasionele beheer en bestuur van polisiëringsagentskappe die uitsluitlike verantwoordelikheid van die onderskeie provinsiale/staatsregerings is wat deel vorm van 'n federale stelsel.

* Polisievertroue is gebaseer op die Ipsos Global Trustworthiness Index 2022.
* Behalwe vir Suid-Afrika se sentralisasievlak is dié van die ander lande gebaseer op die Polisie Desentralisasie-indeks (PDI), saamgestel in 2017. ('n PDI van 0 tot 0,39 is hier geklassifiseer as gesentraliseerd en 0,4 tot 0,69 as semigesentraliseerd, terwyl 'n PDI van 0,7 tot 1 as gedesentraliseerd aangegee word.)

# AfriForum en die AmaBhele kaJamangile: 'n Unieke netwerk van kultuurgemeenskappe

Deur Barend Uys – hoof van Interkulturele Samewerking en Verhoudings by AfriForum | Foto's: Carina Bester

## DIT HET BEGIN MET 'N BRIEF

Op 25 Augustus 2021 ontvang AfriForum 'n brief uit die kantoor van iNkosi (stamkoning) Zwelothando Mabandla van die AmaBhele kaJamangile. Dié tradisionele Zoeloe- en Xhosa-sprekende gemeenskap is reeds sedert die 1870's gesetel in die oostelike binneland van die Oos-Kaap, in die omgewing van Nqanqarhu (voorheen bekend as Maclear).

In dié brief skryf iNkosazana (prinses) Bhelekazi Mabandla, hoof van die diplomatieke diens van die Jamangile kaMabandla- koninklike familie, dat hulle graag diplomatieke bande met AfriForum wil smee en 'n selfstandige gemeenskap op die been wil bring. Sy voer ook aan dat hul diplomatieke kantoor glo dat die tyd ryp is "om te verstaan dat die regering nie al ons gemeenskaps- en grondprobleme gaan oplos nie". Sy beklemtoon ook dat die gemeenskap daarna uitsien om by AfriForum te leer en "'n brug te bou tussen ons kulture en gemeenskappe om 'n beter toekoms vir ons almal te bou sodat ons in vryheid, voorspoed en vreedsame naasbestaan kan saamleef".

In Desember daardie jaar besoek 'n AfriForum-geselskap iNkosi Zwelothando by Mqokolweni, tussen Tsolo en Nqanqarhu. Tydens dié besoek word dit duidelik dat AfriForum en dié koninklike familie se strewes grootliks ooreenstem en op 2 Maart 2022 word 'n historiese wedersydse erkennings-en-samewerkingsooreenkoms onderteken – die eerste van sy soort om tussen 'n groep Afrikaners en 'n ander kultuurgemeenskap gesluit te word sedert die verlies van die Afrikanerrepublieke in 1902.

## SAMEWERKING BEGIN

In Julie 2022 besoek AfriForum en die familieboernetwerk Saai se landbouwaardeketting-ontwikkelingsvennoot, Agri All Africa, iNkosi Zwelothando met die oog op die vestiging van 'n gesamentlike landbouontwikkelingsprojek. Skaars vyf maande later, in Desember 2022,



AfriForum en ander rolspelers tydens 'n besoek aan die AmaBhele kaJamangile-gemeenskap in die Oos-Kaap.

slaag AfriForum, Saai en die kantoor van iNkosi Zwelothando daarin om die eerste gesamentlike landbouontwikkelingsprojek, ’n kommersiële inheemse veldbokprojek, af te skop.

Die doel van dié projek is om ’n kommersiële landbou-onderneming te vestig, want hoewel die gemeenskap baie ervaring in bokboerdery het, het die kundigheid oor hoe om dit in ’n kommersiële boerdery te omskep, nog ontbreek.

Die beskikbaarheid van skoon drinkwater was een van die eerste uitdagings wat die projekspan moes takel. ’n Nabygeleë fontein is derhalwe ingespan en verskaf nou vir die eerste keer water aan die werf en gesinne wat naby die fontein woon.

### RRAIN: DIE VEERKRAGTIGE OPLOSSING

’n Innoverende inisiatief, gemik op plaaslike en internasionale fondswerwing vir landbouontwikkelingsprojekte, Resilient Regenerative Agricultural Initiative (RRAIN), is tydens die bekendstelling van die veldbokprojek gebore. Die bekendstelling van dié maatskappy sonder winsbejag (MSW) het in Mei vanjaar, tydens die Wêreldboereorganisasie se algemene vergadering, by Sun City plaasgevind.

### INTERNASIONALE DEURE MAAK OOP

AfriForum se samewerking met die AmaBhele kaJamangile-gemeenskap het reeds die deur na verskeie plaaslike ambassades – insluitend die Nederlandse handelsattaché en die Israelse en Spaanse ambassadeur – oopgemaak. Dié skakeling maak nou die geleentheid vir befondsing van AfriForum se landbouontwikkelingsprojekte ’n werkbare moontlikheid. Daarbenewens het iNkosazana Bhelekazi ook die geleentheid gekry om na Nederland te reis en die storie van AfriForum en die AmaBhele kaJamangile-gemeenskap se samewerking daar te vertel.

### FEDERALE PLAN – NETWERK VAN GEMEENSKAPPE

AfriForum se netwerk van kultuurgemeenskappe, wat ’n nuwe federale orde van voetsoolvlak af opbou, is besig om te groei. Ooreenkomste is reeds onderteken met die Barolong Boo Seleka van Thaba ’Nchu in die Vrystaat; die Batlharo Boo Tokwana-Ba-Ga-Masibi van Disaneng in Noordwes; en die Royal Leaders of South Africa (Rolesa). Samewerkingsooreenkomste met verskeie ander gemeenskappe sal ook na verwagting binnekort gefinaliseer word.

Soos wat die sentrale mag orde in duie laat stort, skep AfriForum ’n orde wat geskoei is op gemeenskapsfederalisme – dit is die veiligheidsnet wat ons span vir die toekoms. Hier aan die suidpunt van Afrika, met al sy uitdagings, het ons die vryheid om planne te maak – en die toekoms wat ons besig is om te bou, is mooi.



> “Ons Christelike waardes noop ons om, sover dit van ons afhang, in vrede met alle mense te lewe. Die geskiedenis leer ons dat ons voorouers alles probeer doen het om goeie verhoudings en samewerking met ander kultuurgemeenskappe te vestig en te behou – met hierdie bondgenote het hulle ook suksesvol teen vyande oorlog gevoer. Ons doen dus niks nuut as ons vandag op ’n moderne manier goeie interkulturele verhoudings vestig nie en dit is ook getrou aan ons waardes.” **– Barend Uys, hoof van Interkulturele Samewerking en Verhoudings by AfriForum**



Die kroning van die AmaBhele kaJamangile-tradisionele gemeenskap se iNkosi Zwelothando Mabandla is in September gehou.


# ’n Nuwe koning en ’n nuwe hoofstuk

Die hoofbakens langs die pad van ’n tradisionele gemeenskap is die kroning en afsterwe van ’n stamkoning. Die hoofstukke van ’n volk se geskiedenis word per slot van sake daarvolgens ingedeel. Die inhuldiging van iNkosi (stamkoning) Zwelothando Mabandla van die AmaBhele kaJamangile, wat op 22 September plaasgevind het, was een van die bakens in die geskiedenis van dié Oos-Kaapse tradisionele gemeenskap.

AfriForum is uitgenooi om dié geleentheid by te woon en om ’n boodskap van gelukwensing aan iNkosi Mabandla oor te dra. Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, het die boodskap namens AfriForum gelewer. Sy boodskap is baie goed ontvang – veral sy inleiding waarin hy die iNkosi en sy gemeenskap in Xhosa gegroet het.

’n Senior prins van die koninklike familie het tydens sy spreekbeurt onder meer verwys na die historiese bondgenootskappe wat die AmaBhele kaJamangile in die verlede met ander gemeenskappe gesmee het. Hy het daarop gewys dat dié gemeenskap in ’n stadium, weens die feit dat hulle deur ander Xhosa-sprekendes onderdruk is, in samewerking met die Britte teen sekere Xhosa-sprekende gemeenskappe geveg het.

AfriForum het aanwysingsborde en baniere vir die kroningsgeleentheid verskaf wat in samewerking met die gemeenskap opgesit is.




Foto’s van Félix Luzsénszky, Pál Fleischer en Vilmos Simon – drie Hongare wat aan Boerekant aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het.

# ’n Afrikaner, ’n Engelsman en ’n Hongaar het gaan veg in ’n oorlog …

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Verskaf

Die historikus Leopold Scholtz het in sy boek *Kruispaaie* geskryf oor die belangrikste keuses wat Afrikaners al as kultuurgemeenskap gemaak het. Daar was moeilike keuses en besluite waarvoor die Afrikaner veroordeel is. Tog is dit gemaak met een doel voor oë – om te oorleef. Die Anglo-Boereoorlog was een van daardie kruispaaie en op daardie kruispad het uiteenlopende en selfs onwaarskynlike gemeenskappe mekaar ontmoet. Die Afrikaner, die Engelsman en selfs ’n paar Hongare het eendag gaan veg in ’n oorlog. Hierdie is hulle storie.

**Dit is oorlog!**

Dit is welbekend dat die Anglo-Boereoorlog, wat in Oktober 1899 uitgebreek het, Afrikaners en Britte kop-teen-kop te staan gebring het in ’n bloedige en bittere stryd wat uiteindelik tot die verlies van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en Oranje-Vrijstaat (OVS) se onafhanklikheid gelei het. Nagenoeg 450 000 Britse onderdane – waaronder sowat 30 000 soldate uit Australië, Nieu-Seeland, Kanada en ander Britse kolonies – het dié oorlog teen die Boererepublieke aangepak. Aan Boerekant was die getalle aansienlik minder en word op nagenoeg 58 000 man gereken.

Buitelanders het ook as vrywilligers aan Boerekant aangesluit. Prof. Fransjohan Pretorius, ’n vooraanstaande kenner van die Anglo-Boereoorlog en voorheen verbonde aan die Universiteit van Pretoria (UP), meen die presiese getal

> **Hongare se belangstelling in die Anglo-Boereoorlog is duidelik – nie net uit hul eie deelname nie, maar ook uit die artikels en memoires wat ná die oorlog verskyn het, asook lesings wat later aangebied is.**

buitelandse burgers wat aan die kant van die Boererepublieke geveg het, is onseker. Hy meen egter dat die Amerikaanse oorlogskorrespondent Howard C. Hillegas se syfer van 2 675 buitelandse vrywilligers waarskynlik heel akkuraat is.

Vrywilligers het uit die uithoeke van die wêreld gekom om die Boere se stryd te ondersteun. Die meerderheid was afkomstig van Nederland (400), Frankryk (300), Duitsland (300), Ierland (200) en die VSA (150), terwyl ’n kleiner aantal ook van Rusland, Italië en Skandinawië afkomstig was. Hoewel die deelname van Hongare

aan dié oorlog vir die hedendaagse Afrikaner heel onbekend, en moontlik onwaarskynlik mag klink, het minstens 20 Hongare aan Boere- en Britse kant aan dié stryd deelgeneem.

**Hongare en die oorlog**

Uit die 20 Hongare wat aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het, het driekwart hiervan aan Boerekant geveg. Maar waarom sou Hongare enigsins belangstel in 'n oorlog op 'n ander kontinent sowat 8 000 km ver van hul eie tuiste?

Navorsers stem saam dat die meer as 2 000 buitelandse vrywilligers wat aan die oorlog deelgeneem het, uiteenlopende redes vir deelname gehad het. Dit sluit kwessies in soos idealisme, verveeldheid, avontuur, politieke protes, anti-Britse sentiment en selfs megalomanie (grootheidswaan). Die Hongare se redes stem ook hiermee ooreen.

Een jong Hongaar, Albert Wass, het uit 'n vooraanstaande Transsilvaniese familie gekom. In 1901, tydens sy studies in Parys, Frankryk, het hy en 'n groep Nederlandse vriende pres. Paul Kruger besoek. Hierna was die hele groep vuur en vlam om na Suid-Afrika te reis en die wapen teen Brittanje op te neem. Wass het dit in Mei 1902 tot in Mosambiek gemaak, maar is hier – kort voordat hy die grens na Transvaal kon bereik – deur 'n Britse patrollie voorgekeer en noodlottig gewond toe hy probeer vlug het. Hedendaagse Hongaarse mediaberigte bestempel Wass selfs as "die held van die Anglo-Boereoorlog".

Nóg 'n Hongaar wat hom eensgesind met die Boeresaak gevind het, was Tibor Péchy. Péchy, 'n hoogs opgeleide weermagoffisier, was ook van gesiene Hongaarse afkoms en het hom al drie jaar voor die uitbreek van die oorlog in die ZAR gevestig. Hy het tydens sy verblyf in Pretoria onder meer besoek afgelê by groot Afrikanerleiers soos Kruger en genl. Christiaan de Wet. Péchy het in Januarie 1900 by genl. Hendrik Schoeman se kommando aangesluit en uiteindelik nege maande lank aan die oorlog deelgeneem.

Hongare se belangstelling in die Anglo-Boereoorlog is duidelik – nie net uit hul eie deelname nie, maar ook uit die artikels en memoires wat ná die oorlog verskyn het, asook lesings wat later aangebied is. In Hongarye was die elite, dikwels weens politieke redes, baie Britsgesind. Daar was selfs 'n reuseskandaal nadat duisende Hongaarse perde vir die Britse oorlogspoging aan Brittanje verkoop is. Sekere Hongare het dus ook finansiële voordeel uit die Boereoorlog getrek. Tog het die Hongaarse publiek die Boeresaak telkens ondersteun. Selfs Hongaarse letterkundiges het oor die Boereoorlog gedig en die Boere se lot betreur. Daar is in verskeie mediaberigte simpatiek oor die Boere se stryd teen die Britte geskryf en sowat 12 000 Hongare het selfs in 1901 'n petisie ter ondersteuning van Kruger en die Boere onderteken. Kruger en die Boere se vryheidstryd is selfs in Hongarye vergelyk met die hoogs gewaardeerde Hongaarse vryheidsleier Lajos Kossuth wat tydens die Hongaarse Vryheidsoorlog in die 1840's vir Hongare se vryheid geveg het.

**Hongare en Afrikaners: 'n Onwaarskynlike vriendskap?**

Al lyk dit op die oog af heel onwaarskynlik, is daar in die afgelope nagenoeg 300 jaar verskeie raakpunte in die geskiedenis van die Afrikaners en Hongare. Sowat 120 jaar nadat die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het, het Afrikaners en Hongare hul vriendskap herbevestig met die stigting van die Hongaars-Suider-Afrikaanse Vriendskapsvereniging (HSAV). 'n Groep verteenwoordigers van AfriForum, die Suider-Afrika Agri-inisiatief (Saai), die Solidariteit Beweging en Sakeliga was betrokke by die vestiging van dié organisasie wat daarop gemik is om onder meer kulturele en opvoedkundige betrekkinge tussen dié twee gemeenskappe te bevorder.

Die historiese verhoudinge tussen Hongare, 'n gemeenskap wat al eeue lank in die Karpatiese Kom in Oos-Europa gevestig is, en Afrikaners, wat skaars 300 jaar gelede as 'n groep met 'n eie kultuur en taal aan die suidpunt van Afrika tot stand gekom het, word in 'n nuwe AfriForum-verslag ondersoek. *Die verhoudinge tussen Afrikaners en Hongare, 1652-2023: 'n Historiese perspektief op twee kultuurgemeenskappe* delf deur die verlede en onthul unieke raakpunte in dié twee gemeenskappe se geskiedenis. Dié volledige verslag is nou beskikbaar in Afrikaans én Engels op AfriForum se webtuiste.

'n Berig oor die verkope van Hongaarse perde aan Brittanje, wat op 12 Desember 1901 in *The New York Times* verskyn het.



HUNGARY AND THE BOER WAR.

Shipment of Horses for the British Not to be Stopped.

BUDAPEST, Dec. 11.—In the Diet to-day a demand was made that the shipment of horses from Hungary to South Africa be stopped, on the ground that it constituted a violation of Hungarian neutrality. The Premier, Koloman de Szell, declared, in reply, that the question whether, in international law, horses were regarded as war material and that to supply them constituted a violation of neutrality, had never yet been decided, hence the Government had not stopped and did not intend to stop the traffic.

While fully sympathizing with the Boers, said the Premier, the questioner ought to have realized the impropriety of abusing the British, who, in difficult times, had shown their sympathy for Hungary. The British nation, he added, deserved Hungarian esteem.

The Premier's statement was approved by the majority of the house.



'n Groep Europese werknemers van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) in oop treinwaens tydens hul deportasie uit die ZAR gedurende die Anglo-Boereoorlog. Nagenoeg 1 400 buitelandse burgers, waaronder ook Hongare, wat by NZASM gewerk het, is tydens dié oorlog gedeporteer.

# PASOP, BOELIES!

## AFRIFORUM SE TEENBOELIESPAN IS HIER!

Deur Marthinus Koekemoer | Foto: Verskaf

AfriForum se teenboeliespan het vanjaar by verskeie geleenthede skoliere, onderwysers en ouers bemagtig om boeliegedrag hok te slaan. Nie net is meer as 50 skole oor die hele land heen besoek waar teenboeliepraatjies aangebied is nie, maar die span het ook 'n kuberboeliegids bekendgestel in samewerking met AfriForum se privaatvervolgingseenheid, Solidariteit Helpende Hand, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se reeks- en elektroniese misdaadeenheid (SECI), die Universiteit van Johannesburg (UJ) en die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Leandie Bräsler, AfriForum se bestuurder vir Jeugleierskap, was daarbenewens ook een van die sprekers by die Eden- en Sentraal-Karoo-onderwysdistrik (ECKED) se teenboelie-indaba wat op 26 Augustus in George aangebied is.

"Die SAPD het ons genader om hulle te help om meer bewusmaking te skep oor kinderpornografie, wat ook deel vorm van kuberboeliery. Die probleem is op nasionale vlak baie groot en dit is belangrik dat bewusmaking in skole geskep word oor die gevare van kuberboeliery en hoe ouers, onderwysers, skole en kinders proaktief kan optree," verduidelik Bräsler oor waar die behoefte vir die kuberboeliegids ontstaan het.

Met die bekendstelling van die gids is daar genoem hoe omtrent 60% van tieners aan seksskrywery deelneem en dit as normaal beskou. Kapt. Veronica Banks van die SAPD se Gautengse misdaadeenheid vir elektroniese misdaad, wie se eenheid in kinderpornografie spesialiseer, het gesê die gevalle van kinderpornografie wat kinders self opneem, neem toe. Sy sê ook kinders dink nie daar is iets mee fout om foto's van hulself te neem nie.

"Dit is gewoonlik eers as hul ouers daarvan bewus word of sodra dit versprei word dat hulle sal sê hulle is 'n slagoffer of selfdoodneigings sal toon. Ons moet kinders leer dat die dele wat 'n swembroek toemaak, privaat is en nie veronderstel is om op 'n foto of video op hul fone te wees nie," sê Banks.

Die Wes-Kaapse Departement van Onderwys het die indaba in George aangebied. Bräsler het na afloop van die geleentheid gesê tegnologie gee boelies die geleentheid om ander af te knou op wyses wat nie vroeër jare bestaan het nie. Kuberafknouery is as 't ware 'n stille, onsigbare vyand.

> **Dit is belangrik dat bewusmaking in skole geskep word oor die gevare van kuberboeliery.**

Die kuberboeliegids is propvol wenke wat ook inligting oor boelies op sosiale media en die internet insluit. Dit help ouers om proaktief op te tree om hul kinders te beskerm. Gepaste dissiplinêre optrede vir boelies word ook vir onderwysers en ouers voorgestel. Dit is belangrik dat hierdie optrede konsekwent is en as voldoende afskrikmiddel dien.

AfriForum se teenboeliespan het sedert 2017 al meer as 230 skole landwyd besoek, terwyl ongeveer 177 000 leerders, nagenoeg 7 400 onderwysers en amper 2 100 ouers toegespreek en bemagtig is om boeliegedrag te identifiseer en daarteen op te tree.

"Dit is vir AfriForum wonderlik om saam met regeringsinstansies, hoëronderwys-instellings en die privaat sektor hande te vat sodat sosiale veranderings binne gemeenskappe kan plaasvind. Dit is belangrik om by ons kinders en skole te begin, want die kinders is die leiers van môre," sê Bräsler.



# 50% AFSLAG-AANBOD



## Rapport

*Rapport* se joernalistiek maak 'n verskil. Dit dwing verantwoordbaarheid af, dit vermaak en dit bemagtig – alles in een lekkerlees-pakket in Afrikaans.
– Inge Kühne, RAPPORT

**Afgelewer by jou huis teen R76,91 per maand.**

## DIE BURGER

Lees *Die Burger* en praat ingelig saam – in jóú taal.
– Willem Jordaan, DIE BURGER

**Afgelewer by jou huis teen R198,24 per maand.**





## Beeld

Kom deel in die opwindende diskoers in *Beeld*. En wees weer ingelig.
– Barnard Beukman, BEELD

**Afgelewer by jou huis teen R224,24 per maand.**

## TEKEN SO IN:

Skakel: 087 353 1300 | WhatsApp: 087 353 1333
E-pos: intekenare@media24.com | SMS: "INTEKEN" na 31069

**AANBOD GELDIG TOT 31 DESEMBER 2023**

BEPALINGS EN VOORWAARDES:
'n SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie en foutiewe SMS'e sal verreken word. Afslagaanbod is bereken op 'n basisrakpryskoste. Aanbod geldig vir nuwe intekeninge op die gedrukte koerant per maandelikse debietorder. Aanbod geldig tot 31 Desember 2023. Intekenare-aanbod nie geldig vir die Vrystaat nie.

# Dis vakansietyd!

Santana
VAKANSIEOORD | HOLIDAY RESORT

## Die Suidkus se strande roep!



AfriForum

AfriForum-lede kry **30%-korting** van 15 Desember 2023 tot 4 Januarie 2024 met besprekings van vyf nagte of meer by Santana Vakansieoord.

B's en V's geld.

**BESPREEK GOU!** 039 312 2443/navrae@santana.co.za

www.santana.co.za



# SOMER = VAKANSIETYD

Kom swem, vang vis, besigtig wild en steek die braaivleisvure aan. Kokoriba-wildreservaat sien uit na jou besoek.

AfriForum-lede ontvang **20%-korting** op buiteseisoenbesprekings. B's en V's geld.



AfriForum

Besprekings: **012 277 1204 / reservations@kokoriba.co.za www.kokoriba.co.za**

KOKORIBA

*Jou ideale bosveld wegbreek!*

# AfriForum trek draftekkies aan en "hardloop vir hoop"

Deur Marthinus Koekemoer | Foto's: Marthinus Koekemoer

Vanjaar se Hardloop vir Hoop-wedloop ten bate van AfriForum se traumaeenheid is op 28 Oktober by die Vredenheim-wynplaas buite Stellenbosch aangebied. Meer as 200 deelnemers het vir die wedlope oor 5 km en 10 km aangetree. Fondse is op die dag vir die traumaeenheid se slagofferfonds ingesamel.

"Dit was 'n heerlike dag om saam met familie en vriende deur te bring en dit alles ten bate van die goeie werk wat die AfriForum-traumaeenheid doen. Wanneer daar 'n plaasmoord was, word die mense wat agterbly dikwels vergeet en dit is hoekom die werk wat die traumaeenheid doen só belangrik is. Hulle maak gewoonlik die las ligter vir die mense wat agterbly en dit is 'n ongelooflike groot voorreg om die goeie werk wat hulle doen, te ondersteun," sê Johardt van Heerden, ambassadeur vir Hardloop vir Hoop en Suid-Afrika se veldloopkampioen wat al van die land se taaiste roetes kafgedraf het.

Heidie Taljaard se ouers, Breggie en Danie, en haar suster, Elzabie, is in 2020 in 'n plaasaanval naby Hartswater vermoor. Taljaard en haar gesin het Hardloop vir Hoop bygewoon. "AfriForum beteken geweldig baie vir ons as naasbestaandes en mense wat deur plaasmoorde geraak word. Om 'n dag soos hierdie te ondersteun en mee te maak, is vir my ongelooflik kosbaar. 'n Mens dink aan die mense wat ons verloor het en ons verlang na hulle. Dit sal hulle nie terugbring nie, maar om 'n dag soos dié by te woon bring jou so 'n bietjie nader aan hulle."

Izel Kruger, kantoor- en projekbestuurder van die AfriForum-traumaeenheid, het vanjaar se Hardloop vir Hoop as 'n reusesukses bestempel. "Ons is baie dankbaar vir elke persoon wat die dag bygewoon en die inisiatief ondersteun het en sodoende 'n sukses van die dag gemaak het. Daar is nog geleentheid om verdere bydraes te maak en ons moedig mense aan om ons te kontak."

Kontak AfriForum se traumaeenheid by **trauma@afriforum.co.za**. Die eenheid se noodnommer is 064 870 8312.

## Wat doen die AfriForum-traumaeenheid?

AfriForum se traumaeenheid is in 2015 gestig om die slagoffers van plaasaanvalle en ander geweldmisdaad te ondersteun – insluitend die naasbestaandes van plaasmoordslagoffers. Geld wat vir die slagofferfonds ingesamel word, word onder meer gebruik om moordtonele skoon te maak en ander koste, soos uitgawes vir mediese behandeling, te dek in gevalle waar die slagoffers dit nie self kan bekostig nie. Berading word ook aan slagoffers gebied en slagofferondersteuning word verskaf wanneer slagoffers of familielede hofverskynings van die aanvallers bywoon of self moet getuig.






**Johan Kloppers**, traumaberader van AfriForum se traumaeenheid, by **Heidie** en **Wikus Taljaard**, dogter en skoonseun van die paartjie **Breggie** (73) en **Danie Brand** (83) wat in Julie 2020 saam met hul ander dogter, **Elzabie** (54), naby Hartswater vermoor is.




# Afrikaans is Lekker-konsertreeks oortref weer alle verwagtinge

Deur Sue-Ann de Wet – hoof van Diaspora by AfriForum | Foto's: Verskaf

Die grootste Afrikaanse byeenkoms in die buiteland, Afrikaans is Lekker, is vroeër vanjaar weer in Australië en Nieu-Seeland gehou. AfriForum Wêreldwyd het weer eens as hoofborg opgetree van dié jaarlikse reeks musiekvertonings wat deur South African Events aangebied word. In Julie vanjaar het kunstenaars soos Appel, Bok van Blerk en Ricus Nel Afrikaners in die buiteland met mening vermaak.

AfriForum Wêreldwyd tree met trots op as hoofborg vir die Afrikaans is Lekker-konsertreeks. Ons is toegewy aan die skep van geleenthede waar ons mense in die buiteland bymekaar kan kom, verbind kan bly aan hul kultuur en nuwe herinneringe kan skep. Dit is wonderlik om te sien hoeveel van ons mense in die buiteland se harte klop steeds warm vir Afrikaans. Taal en kultuur is immers iets wat mense oor landgrense heen saambind.

Volgens Arno Nel, eienaar van South African Events en organiseerder van die Afrikaans is Lekker-konserte, was dit 'n voorreg om saam met Appel, Van Blerk en Nel te kon toer. "Elkeen het sy stukkie Afrikaans en soveel meer vir ons gegee. Dit was 'n reusetoer wat die gemeenskap in Australië en Nieu-Seeland saamgesnoer het. Volgende jaar maak ons weer so en ons is vasbeslote om 'n onvergeetlike ervaring vir die gehore te skep."

## Afrikaans is selfs lekkerder in 2024!

Afrikaans is Lekker 2024 se optredes is reeds aangekondig. Die program lyk soos volg:
Wellington – 9 Augustus 2024
Auckland – 10 Augustus 2024
Sydney – 11 Augustus 2024
Mackay – 16 Augustus 2024
Brisbane – 17 Augustus 2024
Perth – 18 Augustus 2024

Die geliefde Afrikaanse ster Juanita du Plessis is onder andere deel van 2024 se konsertreeks. Meer inligting en verdere optredes sal binnekort aangekondig word.


Intussen kan Suid-Afrikaners in Australië ook hul vere reg skud, want in Maart 2024 gaan Nataniël en Karen Zoid 'n spesiale konsertreeks na Auckland, Sydney, Brisbane en Perth neem. Optredes in Londen en Kanada word ook beplan.

Volg AfriForum Wêreldwyd se Facebook-blad en gaan teken ook in op die *Kollig*-nuusbrief en maak seker jy loop nie hierdie optredes mis nie. Deel hierdie inligting asseblief met al jul vriende en familielede in die buiteland. Laat weet hulle daar is eg Afrikaanse vermaak op pad!

## Afrikaans is lekker!

Afrikaans is Lekker-konsertgangers was duidelik gaande oor dié geleentheid en om weer in Afrikaans te kuier. Talle het ook hul ervaring van die optredes op sosiale media gedeel:

- **"Fantastiese vertoning, soos altyd." – Carien Ahdar**
- **"Baie dankie dat julle 'n stukkie van ons land vir ons Brisbane toe gebring het. Afrikaans sal vir ewig bestaan." – Charlotte Coetzee**
- **"Beslis elke sent en minuut se ry werd." – Velicea Doman**
- **"Baie dankie vir 'n fantastiese konsert. Dit was 'n belewenis!" – Susan van der Merwe**
- **"Afrikaans is lekker!" – Marinda Botha**
- **"Lekker om in Afrikaans te kuier!" – Dennis Janse van Rensburg**






# 'Vetkoekpaleis is onbeskaamd Afrikaans'

Deur Carina Bester | Foto: Philip Robinson

Die ou bekende en uiters gewilde TV-reeks *Vetkoekpaleis* is eersdaags met splinternuwe episodes op AfriForumTV te sien. Die nuwe storielyn, soos net Willie en Pieter Esterhuizen dit kan doen, is propvol humor en beloof om die hele gesin te laat skaterlag.

*Vetkoekpaleis II* het 'n werklikheid geword nadat Pieter destyds die bekendstelling van AfriForumTV op YouTube gestroom het. "Terwyl ek die opening gestroom het, het ek bo in die hoekie 'n episode van *Vetkoekpaleis* gesien met miljoene kyke. Ek het AfriForumTV toe gekontak om hulle sterkte toe te wens en te vra of dit nie lekker sal wees as ons vir hulle inhoud kan skep wat sulke kyke kan kry nie. Ons het toe met AfriForum ontmoet en dit was die begin van *Vetkoekpaleis II*."

Volgens hom wil hulle gesinne met *Vetkoekpaleis II* weer bymekaar kry sodat hulle net vir daardie halfuur weer iets saamdoen.

AfriForum Teater is vir die verfilming in die legendariese Vetkoekpaleis-restaurant omskep en die tien nuwe episodes is voor 'n gehoor opgeneem. Esterhuizen is weer te sien as Worsie en Helené Truter as Antie Poppie, terwyl Wynand van Vollenstee en Lizz Meiring ook rolle in die nuwe episodes vertolk.

> **Volgens Willie is dit uiters belangrik om Afrikaanse reekse te vervaardig en dit is fantasties dat AfriForumTV dit gratis stroom.**

Volgens Willie, akteur en regisseur van sowel die oorspronklike as die nuwe *Vetkoekpaleis*-reekse, is dit 'n eer om hierdie nuwe episodes te verfilm – veral ook om dit voor 'n gehoor te doen. "Ons het baie ontleen aan die vorige reeks om dit naastenby dieselfde te hou omdat dit 'n ikoniese reeks is."

Volgens Willie is dit uiters belangrik om Afrikaanse reekse te vervaardig en dit is fantasties dat AfriForumTV dit gratis stroom.

Meiring, wat die rol van Molly, Worsie se vrou, vertolk, sê wat vir haar uitstaan van die Esterhuizen-broers is dat elke ding wat hulle skep in die volksmond gaan lê. "Dis warm, eg en menslik. Dit lag saam met, dit spot nie met nie. Ek dink mense voel daardie integriteit en fyn intelligensie agter die humor werklik aan."

Antie Poppie het in die nuwe episodes 'n bietjie soos haar suster Ella geword, verklap Truter. "Sy vertel ook graag van die geboorte van Klein Frikkadel en hoe swaar dit was."

"Toe ons die heel eerste keer met *Vetkoekpaleis* begin het, het mense gesê dit is die grootste klomp nonsens en om die een of ander rede was die kykergetalle verskriklik hoog. Die humor is universeel. Almal wat dit voorheen gekyk het en hul kinders ook, gaan dit vreeslik geniet. *Vetkoekpaleis* is onbeskaamd Afrikaans," verduidelik Truter.

Registreer gratis op AfriForumTV by **www.afriforumtv.co.za** om toegang tot *Vetkoekpaleis II* en ander eg Afrikaanse kykgenot te kry.



# AfriForum Teater – méér as net ’n teater

Deur Carien Bloem | Foto's: AfriForum Teater

AfriForum Teater het sy deure amptelik op 3 Maart 2021, in die middel van die Covid-pandemie, oopgemaak. Die idee van ’n bymekaarkomplek in die gemeenskap was nog altyd ’n groot droom van die burgerregteorganisasie AfriForum. Daar is gedroom van ’n plek waar AfriForum self kon toesien dat die kunste in Afrikaans bevorder en ontwikkel kon word, en ’n plek wat ook, deur middel van die Afrikaanse kultuur, ontvanklik kan wees vir ander kunsvorme in ander tale en kulture.

Toe die geleentheid hom voordoen en ’n perseel beskikbaar geword het, kon hierdie droom in ’n werklikheid omskep word deur die opening van hierdie teater.

Dit is skaars meer as twee jaar later en die teater vier eersdaags sy duisendste dag in die bedryf.

Dit is ’n opwindende mylpaal vir AfriForum Teater, wat beskou kan word as ’n lewende monument, ’n baken en ’n professionele platform vir die kunste en ’n plek waar gemeenskappe waarlik bymekaar kan kom.

Dit is juis om dié rede dat AfriForum Teater méér is as net ’n teater.

Die teater is veelsydig ingerig om aan enige geleentheid se behoeftes te voldoen. Dit dien nie net as kunsteteater nie, maar kan ook maklik omskep word in ’n konferensie-, lesing- of opleidingslokaal.

AfriForum Teater bied ook van Januarie tot Maart 2024 ’n spesiale konferensiepromosiepakket aan.

> **“Die teater is veelsydig ingerig om aan enige geleentheid se behoeftes te voldoen.**

Die teater spog met sy eie restaurant, Pronk, wat as die teater se spyseniers vir funksies en geleenthede dien. Pronk het ’n Afrikaans-Franse aanslag met sjef en eienaar Ané Wait wat haar opleiding in Frankryk ontvang het en ook oor ’n wye kennis van wyne beskik. Pronk is veral bekend vir sy heerlike, bekostigbare ontbyte en wortelkoek.

AfriForum Teater spog voorts ook met ’n uiters bekwame klankingenieur, Pieter-Louis van Twisk, wat vroeër vanjaar vereer is met die Naledi-toekenning vir die beste klankontwerp in ’n produksie.

Verder beskik die teater oor uitstaande tegniese toerusting en drie groot skerms wat ideaal is vir advertensiegeleenthede. Die Christie-projektor verseker ook dat ’n hoëgehaltebeeld op die skerms vertoon word.

Die teater bied ’n baie bekostigbare advertensiepakket aan wat ideaal is wanneer ’n teikengehoor bereik wil word.

Die teater is ook geskik vir stoomuitsendings en opnames, soos die splinternuwe *Vetkoekpaleis II*-reeks wat onlangs vir AfriForumTV in die teater opgeneem is.

AfriForum Teater is méér as net ’n teater. Dit is ’n plek vir elke geleentheid, ’n tuiste vir skool-, aftree- en sakegemeenskappe. Dit is ’n unieke spasie vir jou unieke geleentheid in Afrikaans!






medihelp
Ons het 'n plan vir elke een
Uit ons 11 planne kies 1 wat vir jou werk
askafrika
ORANGE INDEX
2023/2024
INDUSTRY WINNER
Medihelp se produkreeds pas by jou en jou gesin se veranderende gesondheidsorgbehoeftes, ongeag jou lewensfase.
Skandeer die QR-kode om meer oor ons produkreeks uit te vind.
'n Mediese fonds in Aksie
Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738)


Die
# WOLKSKOOL



# Presteer Akademies

Die Wolkskool is 'n **wêreldklas aanlyn leerplatform** met **duisende kort videolesse, werkkaarte en assesserings in 8 laerskool- en 16 hoërskoolvakke.** Die platform maak van die **nuutste tegnologie** gebruik vir die beste aanlyn leerervaring in Afrikaans!

Alle inhoud is saamgestel deur **meesteronderwysers** en voldoen aan **nasionale kurrikulumvereistes** (KABV) en **gehalte-riglyne** van Umalusi. Die Wolkskool se inhoud volg die jaarlikse onderrigplanne soos voorgeskryf. **Kort, kragtige lesse** wat jou help om die jaar se werk in 'n japtrap te verstaan!




- **Hersien** spesifieke lesdele (voor en ná vraestelle)
- Gebruik dit as **ekstra klas**
- **Wissel** tussen grade
- Leerders kry **onmiddelik** terugvoer van
- kort assesserings
- **Toets** jouself deurlopend
- Kom **voorbereid** in die klas in
- Leer teen jou **eie pas**
- Ouers bly **deurlopend** op hoogte

**Slegs R135 per leerder per maand***
*Bepalings en voorwaardes geld.

SKOLE ONDERSTEUNINGSENTRUM

'n Produk van die Skoleondersteuningsentrum (SOS)
**wolkskool.co.za | skole.co.za**